

VOKAALVARIASIE IN DIE AFRIKAANS VAN
DIE GRIEKWAS VAN GRIEKWALAND-WES

deur

P.J.P. Henning

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike
voltooiing van die graad
Magister Artium
in die
Departement Afrikaans-Nederlands
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. H.G.W. du Plessis

Potchefstroom
Maart 1983

VOORWOORD

Dit was 'n voorreg om die Griekwas nader te leer ken en 'n beskeie bydrae te lewer oor hulle Afrikaans. 'n Mens is maar in wese vol gebreke en daarom aanvaar ek dat hierdie werkie nie volledig sal wees nie.

My besondere dank aan my studieleier, prof. H.G.W. du Plessis, vir sy leiding, geesdrif en vriendelike hulp.

Vir my vrou en kinders het ek net waardering vir hulle aanmoediging. Veral sē ek dankie omdat hulle dikwels van my verpligtinge op hulle geneem het en sodoende vir my die geleentheid gegee het om die studie te voltooi.

In besonder my nederige dank aan Hom wat my die krag en genade gegee het om, nieteenstaande swak gesondheid, die wa deur die drif te kon trek.

P.J.P. Henning
Potchefstroom
Maart 1983

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING	1
1.1	Vroeëre studies	1
1.2	Standpunte	3
1.3	Die Griekwa	3
1.4	Die Griekwa van Griekwaland-Wes	4
1.5	Huidige situasie	5
1.6	Toekoms	6
1.7	Griekwa-afrikaans	7
1.8	Taalverskuiwing	9
1.9	Behoudende faktore	10
1.10	Standaardafrikaans as norm	10
2.	DIE ONDERSOEK	15
2.1	Gewestelike verskille	15
2.2	Metode	17
2.3	Hipoteses	18
3.	VARIASIES	23
3.1	Taalvariasie	23
3.2	Standaardvariasie	24
3.3	Regionale variasie	24
3.4	Sosiale variasie	25
3.5	Funksionele variasie	25
3.6	"Slang"	26
3.7	Interne en eksterne verandering	26
3.8	Natuurlike fonetiese verandering	27

3.9	Sosiaal-kulturele veranderinge	30
3.10	Fonologiese ruimte	33
3.11	Aksentverskuiwing	36
3.12	Ontronding	37
3.13	Spanning	37
3.14	Fonologiese reëls vir die veranderlikes	38
4.	VOKAALVERPLASING	42
4.1	Ter inleiding	42
4.2	Vokaalverlaging	44
4.3	Verhoging van vokale	52
4.4	Neutralisasie	58
5.	VARIASIE TEN OPSIGTE VAN DIE DIFTONG	63
5.1	[æy]	63
5.2	[əu]	65
5.3	[ai]	67
5.4	[ui] en [oi]	68
6.	VARIASIE TEN OPSIGTE VAN DUUR VAN VOKALE	69
6.1	Tempo	69
6.2	Lengte	70
6.3	Linguistiese faktore	70
6.4	Die /ε/-foneem	72
6.5	Die /a/-foneem	73
6.6	Oop lettergrepe	74
6.7	Geslote lettergrepe	75
6.8	Vokaal in eindposisie	76
6.9	Griekwa-afrikaans getoets aan die linguistiese faktore	76

6.10	Slotbeskouing oor duur	79
7.	ONTRONDING EN NASALERING	81
7.1	Ontronding	81
7.2	Nasalering	83
8.	'N SLOTBESKOUING	84
8.1	[i] en [y]	84
8.2	[e] en [e:]	85
8.3	[ɛ] en [ɛ:]	86
8.4	[a] en [a:]	86
8.5	[ɔ] en [ɔ:]	87
8.6	[o] en [o:]	87
8.7	[ə]	89
8.8	[u]	89
8.9	Slotsom	90
	BIBLIOGRAFIE	94

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Die onderwerp vir hierdie navorsing is vokaalvariasie soos dit voorkom in die Afrikaans van die Griekwa van Griekwaland-Wes. Verder gaan dit om die a priori-uitgangspunt, naamlik dat Griekwa-afrikaans 'n variant van AB-Afrikaans is. Griekwa-afrikaans is 'n substandaardvorm.

1.1 Vroeëre studies

Literatuur oor hierdie onderwerp is baie skaars. In die enigste werk oor die Afrikaans van die Griekwas (Rademeyer, 1938) word een hoofstuk afgestaan aan die vokaal, en selfs dit is net 'n inventaris. Rademeyer (1938: 5) skryf in sy inleiding: "Daar bestaan so goed as geen literatuur oor nie, sodat die skrywer alleen die blaam moet dra vir al die gebrekkige wat so 'n eerste poging sal kenmerk." Hy trek geen duidelike skeidslyn tussen die Afrikaans van die Griekwa van Griekwaland-Wes en dié van Griekwaland-Oos nie. Terselfdertyd is daar ook geen duidelike afbakening tussen die Griekwas, die Kleurlinge en die Basters nie. Hy wys op die veranderlikes en gee voorbeelde, maar of dit sy doel was om 'n bydrae te lewer tot die kennis van die grammatika is te betwyfel omdat hy

geen onderlinge verband lê tussen die veranderlikes nie. Wat wel van belang is, is dat sy werk reeds bewys lewer van sogenaamde vokaalvariasies. Sommige van hierdie vokaalvariasies is nie in die opnames waarop hierdie studie gebaseer is, raakgeloop nie. Andere is wel nog daar, terwyl nuwes bygekom het. So iets is wel moontlik as ons in gedagte hou dat Rademeyer se opnames meer as vier dekades gelede ge= doen is.

Verder is daar die tesis van Prof. W.J. de Klerk: Die aard van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. In hoofstuk drie gee hy 'n veralgemening ten opsigte van verskille in foneeminhoud, vokaalwisseling, kon= sonantwisseling, foneemvolgorde, subfonemiese ver= skille, ensovoorts. Hierdie verskeidenheid noem hy (1968: 62) "interdialektiese variante" maar hy haal nie eksplisiet sekere dialekte aan nie. Wat wel belangrik is, is die bewyse dat daar wel dialektiese verskeidenheid is ten opsigte van standaarduitspraak.

'n Baie verdienstelike werk is dié van D.H. van Zyl: 'n Griekwa-"Ietsigeit". Dit is 'n omvattende be= skrywing van die Griekwas se geskiedenis en hulle kulturele agtergrond. Besonder interessant is die gesprekke wat deur die Griekwas self gevoer is. Vir 'n histories-vergelykende studie kan dit baie waarde= vol wees.

1.2 Standpunte

Daar word in hierdie ondersoek van statistiek gebruik gemaak maar by statistiek alleen mag dit nie bly nie. Dit kan wel 'n bydrae lewer om die stabiliteit of onstabiliteit van die sisteem te bepaal. So kan die hoë frekwensiegebruik van /ɛ ~ æ/ by die Griekwa, trouens by enige taal, "dui op die tendens om die leë plek voor onder te vul, terwyl die voorts krydende ontronding van /y, ø, œ/ 'n sterk simpton van onstabieliteit" (Van der Merwe, 1969: 155) kan wees. En onstabieliteit is 'n kenmerk van dialekte. Sodra die variasies op bogenoemde wyse aangetoon is, word die onderlinge verband tussen die variasies vasgelê en die vokaal wat daarby betrokke is, beskryf en 'n fonologiese reël, indien voorspelbaar, opgestel.

1.3 Die Griekwa

Daar bestaan twee teorieë oor die herkoms van die naam Griekwa. Sommige beweer dat Jan van Riebeeck se volgelinge die Hottentotstam in die omgewing van die Kasteel AFRIQUA genoem het na aanleiding van die woord Afrika. Ander (Rademeyer, 1938: 18) beweer dat die naam Griekwa van 'n Hottentotstam kom, die Chariquiriqua wat, sover vasgestel kan word, in die agtiende eeu in die nabyheid van St. Helenabaai gewoon het. Reeds in die negentiende eeu was hulle bekend onder die naam Griekwa. Teen daardie tyd het hulle reeds Blankes se bloed in hulle are gehad. Met dat hulle Noordwaards beweeg het, het hulle ook

gemeng met Korannas, Batlapin, Boesman, vryverklaarde slawe en ander half"naatjies" (Rademeyer, 1938: 20). Hulle het geleef van jag, plunder en roof. Van beskawing was daar nog geen sprake nie. Dit was eers nadat die sendeling Anderson onder hulle begin werk het dat daar 'n verbetering ingetree het. Vandag kan 'n mens hulle nouliks meer nakomelinge van die oorspronklike Chariquiquas of Afriquas noem.

1.4 Die Griekwa van Griekwaland-Wes

Tussen die groepe wat deur Namakwaland noordwaarts beweeg het, was daar hoofsaaklik twee elemente, naamlik die Basters onder leiding van die Barendse en die Griekwa-element onder leiding van die Koks. Adam Kok word algemeen beskou as die stigter van die Griekwanasie. Hy is ongeveer 1710 gebore. As jong slaaf van gemengde afkoms was hy kok in diens van goewerneur Jan de la Fontaine. Nadat die goewerneur hom sy vryheid en 'n leningsplaas geskenk het, het hy 'n welvarende boer geword. Hy het ook die naam Kok aangeneem. In 1746 verhuis hy na die Kamiesberge en regeer hy oor 'n klomp Basters. Nog later trek hy na Pella, die Rynse sendingstasie.

In 1795 word sy seun, Cornelius, kaptein. Op aandrang van die sendelinge Anderson en Kramer kom vestig hy en sy volgelinge hulle in ongeveer 1800 by die bronne te Klarwater (Griekwastad) waar 'n sendingstasie gestig word. In 1816 neem sy seun, Dam, oor as Kaptein en Cornelius gaan vestig hom op

Campbell. In 1819 moes Dam Kok as gevolg van voortdurende botsings met die sendelinge aftree. Deur bemiddeling van die sendelinge word Andries Waterboer as kaptein verkies. Bitter gegrief word Dam 'n opstandeling wat met al die ontevredenes saam met hom, 'n swerwersbestaan begin voer. Hulle staan as die gevreesde en berugte Bergenaars bekend. Andries self was 'n sterk leier wat ferm en regverdig opgetree het. Feitlik legendaries was sy teregstellings van kwaaddoeners by die geskiedkundige seringboom te Griekwastad. (Van die lewe en werk van hierdie Griekwa-leiers is daar heelwat te sien in die Mary Moffat-museum op Griekwastad.) Na hom het die Griekwas agteruitgeboer. Met die koms van die Blankes is die grootste gedeelte van Griekwastad verwoes en die Griekwas se grond afgeneem. Van die byna 2 600 Griekwas het slegs 'n paar honderd oorgebly. Die verdere geskiedenis van die Waterboers is van mindere belang.

1.5 Huidige situasie

Vandag word Griekwas nog verspreid aangetref in die omgewings van onder andere Olifantshoek, Postmasburg, Griekwastad, Campbell, Douglas, Daniëlskuil en Ritchie. Sommige woon in woonbuurte wat met Kleurlinge gedeel word. Ander weer werk as plaas- en togarbeiders op plase. Dis egter moeilik om hulle te identifiseer aangesien hulle nog as Kleurlinge geklassifiseer is. Na die volksvergadering wat in 1981 te Griekwastad gehou is, is vertoë gerig tot die

regering om hulle weer te herklassifiseer. Talle het reeds hulle "lewensboekies" na die Departement van Binnelandse Sake gestuur sodat hulle identiteit dier voege verander kan word.

Tans word daar sterk leiding gegee deur die sewe-en- vyftigjarige opperhoof James Daniel Kanyiles. As bis= kop is hy ook geestelike leier van die Griekwas wat aan die Independent-ortodokse Kerk behoort. Sy doelwit is om die Griekwawolk weer te verenig onder 'n eie vlag, met 'n eie volkslied en op sy eie grond= gebied. Hy beoog ook om die oorspronklike taal, Hottentots, terug te bring. Hy beskou dit as be= langrik vir die behoud van identiteit en haal aan: "'n Ieder nasie het sy taal." In die geskiedenis het so iets nog nooit kon gebeur nie en of hy daarin sal slaag, bly 'n vraag.

1.6 Toekoms

Dit is verder noodsaaklik dat gewys word op die "drift" by 'n taal, dit wil sê 'n verandering in 'n bepaalde rigting, en dat dit baie gevoelig is vir taalkontaksituasies soos dit juis by die Griekwa die geval is. 'n Klein etniese groepie binne groter Kleurlinggemeenskappe is 'n algemene verskynsel in die woonbuurte van Griekwaland-Wes. Dis te betwyfel of die Griekwa se nasionale bewussyn so sterk is dat hy sy kultuur sal behou in so 'n plurale gemeenskap. Trouens, ondertrouery met Kleurling en Tswana is onder die jonger geslag aan die orde van die dag.

Die ouer Griekwa betreur juis die feit dat daar by die kinders geen nasietrots meer is nie en dat hulle eerder met die ander groepe geassimileer wil word. Daarby moet ook gemeld word dat taalverplasing by die Griekwakind moet plaasvind as deel van die sosialiseringproses in die skole en op straat.

1.7 Griekwa-afrikaans

Dis nie hier die bedoeling om die invloed van Hottentots op Afrikaans te bespreek nie, nog minder om iets oor die herkoms van Afrikaans te sê en dan te wys op die kreoolse teorie van Hesseling en andere nie. Skrywers wat met gesag kan praat soos dr. S.P.E. Boshoff, J. du P. Scholz en dr.D.B. Bosman, het volledig daarvoor kommentaar gelewer. Wat vir ons hier van belang is, is die feit dat almal daarvan oortuig is dat die Hottentotte heel gou Oer-Afrikaans gepraat het wat hulle dan Hottentot-Hollands/Nederlands noem.

"Die eerste groep waarmee Oerafrikaans in aanraking gekom het, was die geïsoleerde Hottentotgroepie van Harrie, bekend as die Strandlopers. Eintlik het hulle nooit 'n homogene groep teenoor die Blankes gevorm nie: hulle is in 'n mate ingeskakel in die daaglikse roetiene en mettertyd het hulle soveel Oerafrikaans geken dat hulle kon dien as tolke teenoor die homogene Hottentotgroepe wat na die Fort gekom het vir ruilhandelings. Sodoende is die taalkontak geskep en deurdat die Nedersetters nie Hottentots gepraat het nie, het Oerafrikaans se invloed geleide=

lik gevoer tot algehele taalverskuiwing sodat die Hottentotte hulle eie taal verloor het en dié van die Blankes oorgeneem het." (Van der Merwe, 1969: 245.) Boshoff noem dit "geadapteerde" Nederlands. Langsamerhand sou dit natuurlik geadapteerde Afrikaans word. En nog later sal hulle van huis uit Afrikaans praat. "Tot Hottentot-Afrikaans behoort dus ook Griekwa-Afrikaans. Die Griekwa is 'n basisterras ontstaan uit 'n inenting van Vreemde elemente op 'n Hottentotstam. Griekwa-Afrikaans verskil wel in baie opsigte van wat gewoonlik Hottentot-Afrikaans genoem word, maar dit alleen is nie 'n voldoende rede om hierdie twee vorme van geadapteerde Afrikaans heeltemal apart te klassifiseer nie." (Boshoff, 1921: 73.) Hierdie Afrikaans was in ooreenstemming met hulle peil van kulturele ontwikkeling 'n "plat" Afrikaans. Die woord "plat" word gebruik om te onderskei van Hoog-Hollands. In wese was dit niks anders as krom Hollands nie.

Oor sy vrees dat die krom Nederlands van die Hottentotte die Blanke se taal ten kwade sal beïnvloed, skryf Kommissaris van Rhee de reeds in 1685: "Hier is een gewoonten onder al ons volck dat lerende dese inlanders de Nederduydsce spraek en dat deselve die op haer manieren seer krom en hij nae, onverstandelijck spreken, soo volgen de onze haer daer in nae, ja soodanigh, de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aenwendende een gebroken spraek gefondeert werd, die onmogelyck sal wesen nae de hand te verwinnen, veel min onder de Hottentots de duydshe

tale in te voeren, daer het deselve niet en gebreekt aen bequaemheyt, sprekende alle woorden prompt uyt, sonder eenigh gebreck, indien men haer die wel voorseght, waer omtrent wel nodigh was wat meer agt geslagen wiert." (Bosman, 1928: 18.)

Watter van die Hottentotte die eerste en die meeste beïnvloed is, is totaal onbekend omdat die geskiedenis veralgemeen. Die feit bly staan dat die Griekwas oorspronklik Hottentotte was en as ons dus praat van die Hottentotte word die Griekwas bygereken.

1.8 Taalverskuiwing

Soos reeds gesê, het die Hottentotte die taal van die Blanke geadapteer. Hoe lank dit geduur het, weet ons nie maar die feit dat die Griekwa vandag feitlik honderd persent Afrikaanssprekend is, is 'n bewys dat dit wel gebeur het. Hierdie proses dat die Griekwa sy eie taal laat vaar het en 'n nuwe taal aangeneem het, "noem ons 'taalverplasing' ('n term van E.B. van Wyk), 'taalverwisseling' ('n woord wat H. Rooseboom gebruik in sy vertaling van H. Vedder se geskiedenis van Suidwes-Afrika) of 'taaloornam' (wat A.J.G. Oosthuizen gebruik in sy beskrywing van die akkulturasieproses aan die Rand)" (Steyn, 1980: 8). Dit is natuurlik nie 'n proses wat onmiddellik voltooi is nie. Die volwasse Hottentot het seker taalbeïnvloeding ondergaan, maar gedurende sy lewe het hy nie maklik taalverskuiwing ondergaan nie. Die kinders het aanvanklik die twee patrone redelik maklik

uit mekaar gehou maar by dié se kinders het taalver=
skuiwing homself voltrek.

1.9 Behoudende faktore

As in aanmerking geneem word dat die Griekwa deur die
jare oral rondgeswerf het; dat hy tydens sy jagtogte
met baie anderstaliges kennis gemaak het en dat baie
van hierdie inboorlingstamme by hulle aangesluit
het, staan 'n mens verbaas dat daar nie taalverwilde=
ring plaasgevind het nie. Rademeyer (1938) reken
dat die Hollandse Bybel gedeeltelik daartoe bygedra
het. Baie sendingstasies is opgerig en talle Grie=
kwas, veral die leiers is gekersten. Die voortduren=
de kontak met die sendelinge, wat nie net prediker
was nie maar ook geneesheer en sieketrooster, het
ook gedeeltelik daartoe bygedra. In nog baie ge=
valle was die "verlope" Hollander ook nog die voor=
vader. 'n Verdere behoudende faktor was die voor=
liefde van die leiers, soos byvoorbeeld Adam Kok, om
Nederlands as die offisiële taal vir skryfdoeleindes
te gebruik. Die geskrewe woord bly altyd 'n behou=
dende faktor.

1.10 Standaardafrikaans as norm

Oor standaarduitspraak in Afrikaans is daar nog baie
uiteenlopende opvattinge. Daar is riglyne waaroor
sekere taalkundiges dit met mekaar eens is:

1.10.1 Le Roux (1927: 8) noem dit "die doelmatigste, dit wil sê die wat die sprekers die beste laat verstaan word, nie deur sy volume of praktiesheid nie, maar deur sy gangbaarheid".

1.10.2 Odendal (s.j.: 70): "Dis die taalgebruik van 'n rigtinggewende groepie taalgebruikers."

1.10.3 Van der Merwe (1966: 220): "'n Kultuurtaal of AB ontstaan waar die behoefte aan interlokale verkeer (d.w.s. buite die dialekmilieu) gevoel word en waar plaaslike verskille onderlinge verstaanbaarheid strem." Johannesburgers praat byvoorbeeld nie "beter" Afrikaans as die Kapenaars nie. AB het dus nie 'n territoriale grondslag nie maar dis eerder 'n sosiale kwessie. Die AB is weliswaar dikwels die taalgebruiksvorm van 'n toonaangewende minderheid, maar die invloed van die groepie word nie sterk gevoel nie. Baie streeksverskille kom voor in die taalgebruik van hoogsontwikkelde sprekers. Gevolglik het die maatskaplike oordeel beskaaf-onbeskaaf nie juis streekkorrelate nie.

1.10.4 Volgens Hudson (1980: 32 en 33) moet standaardtaal deur die volgende prosesse gaan:

Een of ander tyd moet 'n sekere variasie gekies word om ontwikkel te word as die standaardvariasie. Dit moet 'n variasie wees wat reeds bestaan en in gebruik is by byvoorbeeld belangrike politieke en kommersiële

sentra. Die keuse daarvan is van groot politieke en sosiale belang.

2. 'n Akademie moet toesien dat woordeboeke, woordelyste, spelreëls en grammatikaboeke opgestel word om, soos Hudson (1980: 33) dit stel: "to 'fix' the variety, so that everyone agrees on what is correct". As die kodifisering eers gedoen is, is dit nodig vir almal om die korrekte vorm aan te leer.

3. Dit moet moontlik wees om hierdie variasie te gebruik in alle funksies, skriftelik sowel as mondeling: in die parlement en geregshowe, vir opvoedkundige en wetenskaplike dokumente van alle soorte en natuurlik vir alle vorme van die literatuur.

4. Die variasie moet aanvaarbaar wees vir die hele bevolking en landswyd gebruik word, nie net binne 'n sekere streek nie. (Daaroor later meer onder regionale variasies.) As dit eers gebeur het, word die variasie 'n simbool van onafhanklikheid en 'n krag wat van die hele staat 'n eenheid maak.

1.10.5 Fishman (1972: 25) sê min of meer dieselfde: "As mentioned earlier, the standard variety of a language is likely to be that variety that stands for the nation as a whole and for its most exalted institutions of government, education, and high culture in general. It is this variety which comes to be associated with the mission, glory, history, and uniqueness of an entire 'people' and, indeed, it is

this variety which helps unite individuals who do not otherwise constitute an interaction network into a symbolic speech community or 'people'."

Wanneer daar dan van die territoriale verskille in Afrikaans gepraat word, val die klem eerder op die term algemeen. Die Afrikaanse Taalatlas (ATA) lewer genoeg bewyse daarvan dat 'n sekere vorm oor die hele taalgebied voorkom met tientalle variante daarvan. Dis hierdie algemeenste vorm wat die diensbaarste is indien dialeknivellering verder plaasvind. Dis hierdie algemeenste vorm van Afrikaans wat die norm stel vir die vergelyking met die Griekwa-afrikaans wat hom territoriaal laat bind aan 'n sekere gedeelte van die Noordwes-Kaap.

"Op historiese gronde sou 'n mens miskien geneig wees om te redeneer dat Wes-Kaapland die bakermat van Afrikaans is en dat minstens sekere dialektiese verskille ontstaan het deur die migrasie na die noorde. Benewens die taalverskille wat toentertyd bestaan het en wat dus die binneland ingedra is, moes 'n mate van divergensie gevolg het weens gebrek aan kontak tussen sprekers rondom die kerngebied en dié verder weg in die binneland." (De Klerk, 1968: 34 en 35.) Die gebrek aan interdialektiese verkeer oor sulke groot afstande het egter van hierdie gebied 'n konserwatiewe taallandskap gemaak. Die ATA lewer trouens geen bewys van ekspannieverskynsels deur kulturele uitstraling nie. In die lig hiervan lyk die volgende myns insiens egter tog moontlik: Langs die

hoofpad tussen Kimberley en Kaapstad het gewestelike uitsprake heelwat afgeneem veral omdat 'n plek soos byvoorbeeld Ritchie maar veertig kilometer van Kimberley is en busvervoer dit vir almal moontlik maak om binne die groter dorp met sy rykdom aan gevestigde kultuur te kan werk.

HOOFSTUK 2

DIE ONDERSOEK

2.1 Gewestelike verskille

Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat, hoe= wel gewestelike uitsprake afgeneem het, daar tog nog groot verskil is tussen die Afrikaans van die Grie= kwas en Standaardafrikaans.

Die eerste aflewering van die ATA bevestig wat Bos= hoff (1921: 86) gesê het, naamlik: "dat die spreek= taal gewestelike verskille moet vertoon, is byna vanselfsprekend. Dit het op Afrikaanse bodem alleen 'n ontwikkelingsgeskiedenis van meer as twee en 'n halwe eeue agter die rug, en die voorgeskiedenis daarvan reik terug tot 'n verlede waarvan ons weinig weet. Daarby is die volk, wat die taal praat, nou al vir byna 'n eeu uitgespreid oor 'n oppervlakte van byna 'n halwe miljoen vierkante Engelse myle, oor 'n landgebied dus met allerlei verskille van klimaat, bodemgesteldheid, plante- en dierewêreld en met ver= skillende inboorlingstamme in bepaalde streke van die land gelokaliseerd."

Hierdie verskille kan enersyds geografies bepaal word; andersyds etnies. Òf die verskille kan buite

die taalsisteesem lê, òf daarbinne.

Wat laasgenoemde betref, is dit bekend dat taal 'n soort "sistemoïede" is, dit wil sê dit is 'n sisteesem met subsisteesem soos byvoorbeeld die vokaalsisteesem waaraan hierdie studie meer aandag gee.

Verskille kan op verskillende vlakke van die taalsisteesem voorkom. Volgens De Klerk (1968: 3) bestaan daar twee sisteesemopvattinge: "die sisteesem wat die taalkundige beskryf (is) niks anders as 'n formuleeringsmodel nie". Dit beteken dat daar reëls is wat die voorspelling vir die voorkoms van besondere strukture in die taalgebruik moontlik maak.

Die taalkundige se afleiding en besluite of analise wat hy van taalgebruik maak, berus op 'n abstraksie wat hy van die taalgebruik maak. Die tweede beskouing is dié van Reichling (1962: 20): "Dit sisteesem heeft dan ook niet de absolute geldigheid van een logisch opgebouwd stelsel, maar het heeft alleen de waarde van een praktisch richtsnoer." Hierdie nie-absolute geldigheid word oorwegend aangetref by die gewestelike tale waar die sisteesem baie onreëlmatighede vertoon om redes wat later genoem sal word.

Om verskille in die taalgebruiksisteesem te beskryf, moet uitgegaan word van 'n eenvormige of enkele sisteesem, gewoonlik die AB. "So 'n beskrywing gee egter geen rekenskap van onderlinge taalgebruiksverskille binne die groter taaleenheid nie. Hiervoor

is 'n vergelykende model nodig. Streng genome het dit geen sin om te praat van ooreenkomste of verskille tussen sisteme nie. Dit is of een sisteem of twee aparte sisteme. Daar kan nie gepraat word van ooreenkoms sonder meer tussen twee sisteme indien die een byvoorbeeld vyf vokaalfoneme bevat en die ander een sewe nie." (De Klerk, 1968: 5.)

Daarom is dit nodig dat ons volgens De Saussure moet onderskei tussen Afrikaans as 'n aggregaat van sisteme waar die dialek een van die deelsisteme daarvan uitmaak. Vir ons doel het ons te make met 'n subsisteem (vokaal) van 'n deelsisteem (Griekwa-afrikaans) van die aggregaat (Afrikaans). Meer in besonder word die variasies aangetoon tussen die subsisteem van die geheelsisteem. Uriel Weinreich skryf in sy opstel, "Is a structural Dialectology possible?" (Word. vol. 10, 1954), dat sisteme slegs vergelykbaar is ten opsigte van 'n abstraksie van hoër orde en hy benoem dit met die term diasisteem wat dieselfde is as deelsisteem.

2.2 Metode

Om hierdie vergelyking te tref, is daar as volg te werk gegaan:

Informante is opgespoor in die omstreke van Olifantshoek, Postmasburg, Douglas, Griekwastad, Campbell, Daniëlskuil en Ritchie. Aanvanklik is onderhoude en gesprekke gevoer terwyl alles op band vasgelê is.

Die gesprekke, formeel en informeel, is op so 'n wyse gevoer dat die informante nie bewus is daarvan dat na hulle uitspraak geluister word nie. Gesprekke is gevoer oor die verlede, die hede, siekte, dood, ensovoorts.

Nadat heelwat data op dié wyse bymekaar gemaak is, is die fonetiese steurings of variasies geïdentifiseer en is 'n analise daarvan gemaak. Korrekte analise van die linguistiese veranderlike is die belangrikste stap in 'n linguistiese ondersoek: "We want to isolate the largest homogeneous class in which all subclasses vary in the same way. If we fail to do this, and throw together invariant subclasses, our view of the sociolinguistic structures will be blurred." (Labov, 1972: 72.)

2.3 Hipoteses

Om 'n linguistiese veranderlike te bepaal, moet 'n mens die hele linguistiese konteks transkribeer; so veel fonetiese variasies as wat onderskei kan word, aanteken en in homogene groepe sorteer. Uit hierdie versamelings blyk dit dat die Griekwa van minder foneme gebruik maak as wat bekend is in Standaardafrikaans; dat vokale soms neig tot verlaging; tot verhoging; ander weer tot 'n verskuiwing na 'n neutrale posisie. In laasgenoemde geval vind daar ook verlaging en verhoging plaas maar die opvallendste kenmerk van hierdie variasie is dat dit na die neutrale vokaal [ə] beweeg.

Deur die fonologiese omgewing fyn dop te hou, is die volgende fonologiese reëls aanvanklik as hipoteses gepostuleer:

2.3.1 Hoë vokale /i/ en /u/ word nie beïnvloed nie. Daar is dus geen klankvariasie met betrekking tot Standaardafrikaans nie.

2.3.2 Verlaging vind soms plaas by /o/:

$$/o/ > [ɔ] \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \\ + \text{ ekspl.} \end{array} \right.$$

$$/o/ > [ɔ] \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ + \text{ son.} \\ + \text{ lat.} \\ + \text{ frik.} \end{array} \right.$$

$$/o/ > [ɔ] \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \end{array} \right. //$$

2.3.3 Verhoging vind soms plaas by

$$/e/ \text{ in die rigting van } [i] \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ + \text{ son.} \\ + \text{ nas.} \end{array} \right. //$$

$$\left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \end{array} \right. - \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ ekspl.} \end{array} \right.$$

$$/ɔ/ > [u] \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ ekspl.} \end{array} \right. - \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ + \text{ son.} \\ + \text{ stem.} \\ + \text{ nas.} \end{array} \right.$$

/o/ > [u] / - $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ + \text{ son.} \\ + \text{ stem.} \\ + \text{ nas.} \end{bmatrix}$

/ə/ in die rigting van [e] / $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ ekspl.} \\ + \text{ frik.} \end{bmatrix}$ -----

/ / $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ + \text{ stem.} \\ + \text{ ekspl.} \end{bmatrix}$ -----

2.3.4 Neiging na 'n neutrale posisie:

/ɛ/ > [a] / - $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ eksp.} \\ + \text{ nas.} \end{bmatrix}$ of / [+ halfvok] - H

/a/ > [ə] / $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \end{bmatrix}$ - $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ + \text{ son.} \\ + \text{ stem.} \\ + \text{ lat.} \end{bmatrix}$

/ɔ/ > [e] / $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ + \text{ son.} \\ + \text{ stem.} \\ + \text{ nas.} \end{bmatrix}$ - $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \end{bmatrix}$

/o/ > [ə] / $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \end{bmatrix}$ - $\begin{bmatrix} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \end{bmatrix}$

2.3.5 Horisontale verskuiwing:

$$/ə/ > [ɛ] \left/ \begin{array}{l} + \text{ kons.} \\ - \text{ stem.} \\ + \text{ frik.} \end{array} \right.$$

2.3.6 Absolute ontronding by die diftong [əy] en die abnormale vokale.

2.3.7 Waar die lengte van vokale voorgestel kan word van lank na kort deur gebruik te maak van die skaal 1 tot 5, is die verhouding tussen Standaard-afrikaans en Griekwa-afrikaans: SA 1 = GA 3.

Daar is vir 'n tweede keer opnames gemaak maar hier= die keer spesifiek gerig op die veranderlikes om die hipoteses as korrek of foutief te bewys. Daar is van vraelyste en woordelyste gebruik gemaak. Die leesmetode het misluk omdat weinig van die informante kan lees en ander se oë weer te swak was.

In die volgende hoofstukke word grotendeels aandag geskenk aan paradigmatische variasies van die vokaal. Paradigmaties omdat dit die individuele foneme raak, sowel ten opsigte van hulle distinktiwe kenmerke as ten opsigte van hulle fonetiese hoedanighede. Sin- tagmatiese veranderings word uitgelaat omdat dit meer te make het met foneemorde.

Paradigmatische veranderings kan subfonemies of fone- mies van aard wees. Eersgenoemde raak slegs die fonetiese hoedanighede van die foneem sonder dat sy

verhouding tot ander foneme daarby betrek word, terwyl laasgenoemde die onderlinge verhouding van foneme verander.

$/o/ > [o_1^o]$ (1) Dit wil sê die /o/-foneem bestaan nog maar word effens laer uitgespreek in byvoorbeeld $[xr_1^o t]$. Hier het ons met subfonemiese verandering te make.

$/o/ > [u]$ in loop $[lup]$ (2). Dit wil sê dit is fonemiese versteuring.

Voordat aandag gegee kan word aan hierdie veranderinge, moet eers vasgestel word wat onder VARIASIES verstaan word.

HOOFSTUK 3

VARIASIES

3.1 Taalvariasie

Geen taalgemeenskap is staties nie. "Its relation to the actual situation is like that of a fossil to a living spesimen." (Anttila, 1972: 47.) Daar bestaan geen taal sonder variasies nie en dit is ook waar wat die natuur in die algemeen betref: geen twee items is dieselfde nie. Dieselfde spreker spreek dieselfde klank nie tweemaal op dieselfde wyse uit nie. Op dié wyse is daar soveel meer variasies tussen twee en meer persone. Sommige variasies word deur reëls beheer. Wat dit betref, kan ons praat van fonologiese reëls. Ander variasies word deur nie-linguistiese faktore beheer soos diatipiese verskeidenheid, (daaroor later meer onder 4.1.) Enige studie van geografiese variasies behoort tot die dialektologie. Anttila verdeel die studie van variasies egter in twee dele, naamlik geografiese en sosiale variasies. Dittmar (1976: 107) noem vier variasies, naamlik standaard-, streek-, sosiale en funksionele variasies.

3.2 Standaardvariasie

Standaardvariasie is die variasie van 'n spraakgemeenskap wat bekend staan as supraregionaal en is die resultaat van verskillende sosio-politiese omstandighede en historiese prosesse. Gewoonlik het dit 'n lang historiese tradisie. Die standaardvariasie is in 'n sekere opsig gekodifiseer deur middel van sekere norme wat voorskriftelik is vir korrekte geskrewe en gesproke taalgebruik. Dit word in die skole gebruik en onderrig. "The attitudes of speakers to the standard, which can be assessed by considering their language loyalty, their language pride and their awareness of the norm, are related to these four functions: language loyalty to the unifying and separating function (and thus also to the degree of national consciousness), language pride to the prestige function, and awareness of the norm to its function as a guiding normative frame-of-reference." (Garvin, 1964: 522.)

3.3 Regionale variasie

Die regionale variasies word geklassifiseer as dialekte wanneer hulle in spesifieke geografiese gebiede ontwikkel. Die belangrikste gebruik lê in mondelinge kommunikasie. Hulle is nie in die normale sin gekodifiseer nie. Soms verhoog hierdie dialekte tot die vlak van standaard, en soms verdwyn hulle weer as gevolg van die invloed van die massamedia. Soms is dit die resultaat van ekonomiese toestande

wat migrasie na ander gebiede veroorsaak. Regionale variasies kan ook sosiale variasies word wanneer immigrante van 'n geografiese gebied A die laagste sosio-ekonomiese klas in gebied B word. Hulle taalgebruik kan dan 'n weerspieëling word van hulle lae sosiale status.

3.4 Sosiale variasie

Hierdie sosiale variasies wat in die vorige paragraaf aangeroer is, staan ook bekend as sosiolekte wat te make het met die uitspraak van groepe wat onaanvaarbaar is vir ander groepe, nie net op grond van die taalgebruik nie maar ook ten opsigte van die gebruiker self om sosio-ekonomiese, politiese of ideologiese redes. "So praat die Engelse Cockney 'n ander dialek as die meer ontwikkelde Londenaar, en dié het weer 'n ander taalvorm as 'n oud-student van Oxford of Cambridge." (Odendal, s.j.: 42.) Selfs standaardvariasies kan ook in sekere opsigte 'n sosiolekte wees. Dis die geval met die tale van jong Afrikastate wat in baie gevalle nie geskik geag word vir amptelike gebruik nie as gevolg van die gebrek aan prestige teenoor die ou koloniale tale.

3.5 Funksionele variasies

Samehangend met sosiale dialekte maar onderskeie daarvan kom ook groepstale of funksionele variasies voor. Funksionele variasies word gekoppel aan sekere instellings; aan interaksies of aan sekere

behoefte rakende die werksplek. Funksionele variasies word veral aangetref in die tegnologie, die handelswêreld en dikwels ook in die vorm van "slang". So kan dit gebeur dat beroepsgroepe op hierdie wyse uitgeken kan word. Dink maar aan die name vir siektes wat medisy gebruik: watter oningewyde weet wat hom makeer as gesê word hy het 'n infarkt of hy het hematemese?

3.6 "Slang"

Aansluitend by die vorige moet 'n bietjie meer oor "slang" gesê word. Streng gesproke moet dit van groepstaal geskei word. Hoewel 'n groep sy eie "slang" kan hê, is "slang" nie primêr aan 'n groep verbonde nie. Dit is eerder 'n informele standaardvorm. Basies is dit 'n poging tot vernuwing, 'n poging tot gevatheid of "snaaksigheid" of "andersheid", of sommer net lafheid.

- (1) bibbiës (biblioteek)
- matties (matisis)

3.7 Interne en eksterne verandering

Hierdie taalverandering kan òf intern òf ekstern wees. Laasgenoemde ontstaan wanneer 'n taalgemeenskap in kontak kom met 'n ander taal of dialek. In die proses word bepaalde taalelemente oorgeneem soos byvoorbeeld die uitspraak van 'n bepaalde spraakklank. Interne verandering word byvoorbeeld toegeskryf aan spanning. 'n Gegewe taalsisteem kan byvoorbeeld probleme hê met 'n bepaalde klankaspek.

Of die taal besit nie voldoende moontlikhede tot differensiasie om te voldoen aan die stilistiese behoeftes van sy sprekers of 'n bepaalde subgroep wat deur sy taalgebruik graag onderskei wil word nie.

Dit alles dra by tot die druk wat op die taalsisteem geplaas word en wat dan taalverandering ten gevolge het. Dit is gewoonlik die eerste fase. Die tweede fase: die verbreiding deur groter dele van die gemeenskap, is altyd 'n sosio-linguistiese proses. Die nuwe variant moet, ten opsigte van die oue, een of ander prestige kry en die taalgebruikreëls moet die gebruik daarvan bevorder. Koefoed en Van Marle (1979: 33, 47) noem hierdie interne verandering natuurlike verandering en die eksterne verandering beskou hy as sosiaal-kulturele veranderinge.

3.8 Natuurlike fonetiese verandering

3.8.1 Taalverwerwing

Onder natuurlike fonetiese verandering word onder andere ook verstaan: die verandering wat toe te skryf is aan die fonetiese "performance-meganisme", dit is die meganisme vir persepsie en die artikulasie van spraakklanke. Dit is tweeledig en kan onderskei word as die verwerwing van die meganisme as onderdeel van die totale taalverwerwingsproses en die gebruik van die meganisme ná die verwerwing.

Die taalverwerwer staan voor die taak om die klanke

van die voorbeeldtaal te leer herken. In die geval van kinders is die leerproses ingebed in die totale ontwikkeling van sy vermoëns. Die spraakklanke van die voorbeeldtaal kan die taallerende kind verskillende moeilikhede besorg: spraakklanke wat persepsueel na mekaar lyk; kombinasies van spraakklanke waarvan die afsonderlike spraakklanke moeilik te onderskei is en spraakklanke of kombinasies daarvan wat artikulatories moeilik te realiseer is. Hierdeur kan taalveranderings ontstaan wat toegeskryf kan word aan die verwerwing van die fonetiese "performance-meganisme".

Volwassenes wat die nuwe taal aanleer, kan weer die volgende probleme hê: die voorbeeldtaal het onderskeidings wat hulle nie in hulle eie taal het nie of tipe spraakklanke of kombinasies daarvan wat nie klink op die ware vorm van die fonetiese representasie in hulle eie taal nie en wat daarom vir hulle moeilik is om uit te spreek. By taalverskuiwing kan daar op dié wyse blywende veranderinge intree. Die gebruiklike term wat in dié verband gebruik word, is substraatwerking.

Die neiging tot artikulatoriese "gemak" kan, na die verwerwing van taal by volwassenes, lei tot allerlei veranderings. Aangesien taal ten opsigte van sy verskynsels nogal redundant is, hoef die spreker nie alle klanke presies te realiseer nie. Hy kan klanke insluk, half of gedeeltelik anders realiseer en daar kan oorgangsklanke ingevoeg word - alles met

die behoud van verstaanbaarheid. Sommige van hierdie oorgange is nie juis die gevolg van gemak nie maar ook as gevolg van kortheid. Koefoed en Van Marle (1978: 33) noem dit allegra-uitspraak. Laasgenoemde twee kan saamgebring word onder die noemer "ekonomie" of verswakking (weakening). Dis 'n verskynsel wat alombekend staan as assimilasie.

Baie van laasgenoemde verskynsels is algemene verskynsels en kom nie net voor in 'n bepaalde gemeenskap nie. Hierdie teorie van artikulasie geld vir alle tale. Van 'n taalverandering is slegs sprake as so 'n proses tiperend word van 'n bepaalde taalgemeenskap en word dan 'n taalspesifieke reël.

Ten slotte kan vermeld word dat daar nie altyd by alle veranderings vasgestel kan word of die oorsaak by verwerwing of by die gebruik lê nie.

Teoreties is daar drie soorte gemak:

- per spraakklank;
- per opeenvolging van spraakklanke (sintagmaties) en
- per sisteem van spraakklanke (paradigmaties).

3.8.2 Vereenvoudiging

Uit die geskiedenis blyk dit dat geronde voorklinkers blootstaan aan 'n tendens tot ontronding. Omdat dit inderdaad by kinders voorkom, kan 'n mens hierdie

verandering toeskryf aan verwerwingsprobleme wat op hulle beurt verklaar sou kon word uit die enig= sins dubbelsinnige karakter van geronde voorklinkers. Die heffing van die tong na vore gee 'n klein voor= holte, wat deur die tuit van die lippe weer verleng word. Lipronding pas harmonies by agterklinkers, met 'n groot voorholte deur heffing van die tong na agter maar gee aan die voorklinkers 'n soort tussen= karakter. As ons met 'n klein voorholte die toon= kenmerk [hoog] verbind, verander ronding van die voorklinkers na [verlaagd-hoog].

3.9 Sosiaal-kulturele veranderinge

Sosiaal-kulturele faktore wat taalverandering in die hand werk, is so kompleks dat 'n mens eers ter in= leiding iets moet sê oor twee begrippe wat Koefoed en Van Marle (1978: 47) "kognitief bereik" en "domein" noem.


Onder "kognitief bereik" van 'n taal word verstaan: alles wat in 'n taal gedink en gesê word. 'n Taal met 'n komplekse grammatikale sisteem is nie ryker aan "kognitief bereik" as 'n taal met 'n vereenvou= digde struktuur nie. Alle tale besit die eienskap van semantiese universaliteit. Dit beteken dan dat elke taal potensiële middele het om alles te kan sê. Dit beteken nie dat elke taal eksplisiet alle uit= drukkingsmiddele het nie maar dat dit die uitdruk= kingsmiddel kan ontwikkel waarvoor die "kognitiewe" behoeftes van 'n gemeenskap vra.

Die begrip "domein" het weer te make met die sosiale struktuur van die gemeenskap. Die volgende "domeine" kan onderskei word: gesin en familie; vriende=kring; skool; buitenshuise werk; godsdiens; ensovoorts. Dieselfde "ding" kan gesê word op verskillende maniere afhangende van in watter domein jy beweeg. Daar kan byvoorbeeld by die werkplek gepraat word van "identiteitsboekie" maar by die huis sommer van "kaart-en-transport". Dit word hieruit duidelik dat variasies nie net voorkom op sosiaal-kulturele vlak nie maar daarbinne ook nog tussen domeine op horisontale vlak:

Variasie 1	Variasie 2	Variasie 3	Variasie 4	Variasie 5
Gesin	Vriende=kring	Skool	Werk	Godsdiens

(Vyf verskillende variasies om dieselfde te sê.)

Sosiaal-kulturele variasies kan vertikaal voorgestel word.



By die hoogste sosiaal-kulturele groep word daar gestreef na mooi, korrekte en elegante taal. Daar ontstaan waardebeplinge van die verskillende groepe.

Die hoogste variante word die norm vir beskaafd en dié laer af kry die stempel van "onbeskaafd". Eersgenoemde word dikwels dominant en laasgenoemde neem sekere elemente daaruit op. So ontstaan dan die proses wat Labov "change from above" noem. Tog lei dit nie noodwendig tot die verdwyning van die substandaardtaal nie. Daar is kragte wat dit teëwerk want die waardering vir die variante is nie altyd ondubbelsinnig negatief nie. Substandaardtaal dien na alle waarskynlikheid ter uitdrukking van 'n gevoel van verbondenheid met die streek of sosiale groep; soms gepaard met 'n reaksie van afkeer van of vyanligheid teen die kultureel-dominerende groep. Maar dit is ook 'n onderstreping van die groepsidentiteit. "When a man says [rɛit] or [hɛus] he is unconsciously establishing the fact that he belongs to the island: that he is one of the natives to whom the island really belongs." (Labov, 1972: 36.) Of as iemand deesdae praat van [lɛuənsə] sal hy hoogswaarskynlik 'n boorling van Griekwaland-Oos of -Wes wees.

Die teenoorgestelde is ook moontlik, naamlik: "change from below". 'n "Change from below" maak vir 'n tyd lank vordering sonder om tot die sosiale bewussyn deur te dring; dit sal, in teenstelling met "change from above", veral in die meer informele styl voorkom. Op 'n bepaalde tyd sal die verandering opgemerk word en dan kry die nuwe vorm sosiale weerstand, maar dit word nie in alle gevalle gestuit nie. Die sosiale weerstand kan minder word; die gemeenskap kan bevatliker raak vir die nuwe vorm


sodat die verandering steeds groter groepe en steeds meer style bereik. Eindelik word die nuwe vorm universeel deur die hele gemeenskap aanvaar.

3.10 Fonologiese ruimte

Die Nederlandse Strukturaliste, verteenwoordig deur A.W. de Groot en N. van Wyk, het benadruk dat die spraakklanke nie los van mekaar beskou kan word nie maar in hulle onderlinge paradigmatische samehang. Jakobson en later ook Martinet ('n Franse funksionaris) het hulle beywer om aan te toon dat hierdie paradigmatiek van die spraakklanke 'n verklarende waarde het met betrekking tot klankveranderinge. Begrippe wat daarby 'n rol speel, is simmetrie, oop plek en fonologiese ruimte.




Die idee is dat 'n ideale foneemsisteen simmetries moet wees. By die vokale beteken dit dat onder meer ewe veel opposisies by die agterklinkers as by die voorklinkers moet wees.

'n Sisteem soos:



(Koefoed, 1978: 36)

voldoen nie aan die ideaal nie. As die tendens na simmetrie inderdaad 'n faktor van verandering is, dan sal onderstaande beter moontlikhede wees:




(Koefoed, 1978: 36)

Sisteem (b) kan bereik word deur die saamval van /o/ en /ɔ/. (c) kan ontstaan deurdat /a/ meer na vore skuif en die /e/ ietwat hoër. Sisteem (d) kan ontstaan wanneer die /e/ eers twee kombinatoriese variante ontwikkel in aparte spraakklanke. "Passen we deze inzichten toe op het hedendaagse Nederlands, dan krygen we dat na de samenvall van de sogenaamde scherp-korte en zacht-korte /o/ (wel eens weergegeven als /ɔ/ respektievelijk /ɔ/) een kracht werkzaam zou zijn om het overeenkomstige verschil tussen /e/ en /i/ (de ongespannen vokaal van pit) te elimineren." (Koefoed en Van Marle, 1978: 47.)

Op die agtergrond hiervan staan die begrip fonologiese ruimte, bepaal deur die klankkenmerke. Elke kenmerk verteenwoordig een dimensie. In hierdie ruimte sou die spraakklanke waarmee betekenissonder-

skeid uitgedruk word, ten behoewe van persepsie, 'n plek soek op maksimale, dus gelyke afstand van mekaar. Die hoekpunte van die klinkerdriehoek ('n onderdeel van die fonologiese ruimte, beperk tot die twee dimensies hoog-laag en voor-agter) is daarom altyd beset. As daar met die /u/ iets gebeur, sal 'n ander spraakklank in die rigting van /u/ verander. Een verandering volg op die ander - 'n soort ketting= reaksie.

Labov (1966: hoofstuk 12) het in sy ondersoek na klankverandering in New York City die volgende bevestiging gekry ten opsigte van die fonologiese ruimte: Die gemiddelde plek waar die /ah/ realiseer, blyk saam te val met dié van die /oh/ en wel as volg: by sprekers by wie dit /oh/ taamlik hoog is, is die /ah/ meer na agter, en by dié by wie die /oh/ laer is, is die /ah/ meer na vore. Die hoogte van die /oh/ val saam met die sosiaal-ekonomiese klasse en ook met die etniese groep waartoe sprekers behoort. Die /ah/ het egter niks daarmee te make nie; die gemiddelde posisie van /ah/ hang slegs af van dié van /oh/. Dit sien ons in die volgende tekening van Koefoed (1978: 38):



Volgens Labov (1966: hoofstuk 12; 1972a: hoofstuk 7) is dit hierdie ruimtelike verhoudings tussen

spraakklanke wat maak dat 'n verandering in een spraakklank 'n hele sisteem in beweging bring.

3.11 Aksentverskuiwing

Baie belangrike oorsake vir vokaalverandering lê in die verskuiwing van die aksent. "Aksent kan aanvaar word as een van die sterkste behoudende faktore wat die sillabekontoer en sillabe-identiteit beskerm en stabiliseer, terwyl aksentlose sillabes aan verering, verdowwing, verkorting, verskrompeling blootgestel is (vgl. die ontwikkeling van Afrikaans ASSEMBLIEF). Wanneer die vokaal in sillabes van vergelykbare vorme voorkom en in die een geval beklemtoon en in die ander geval onbeklemtoon is, word dit soms beskerm - vgl. [fo:rbelt] x [forbe:ldəx] (waar /o/ hoogstens kwantitatief gewysig - verkort - word) - met gevalle waar daar met die aksentverskuiwing 'n absolute skeiding in logaliteit (betekenis) gepaard gaan: [fo:rna:m] x [fərna:m], [təfo:rskəin] x [fərskəin]." (Venter, 1975: 17 en 18). Die verandering wat hier plaasvind, is kwalitatief en kwantitatief. Eersgenoemde verandering is fonemies en subfonemies van aard.

Die oorgang van /o/ na /u/ onmiddellik voor die aksent is feitlik 'n reël in Afrikaans, byvoorbeeld kosyn word om historiese redes met 'n o gespel maar met 'n /u/ uitgespreek.

3.12 Ontronding

Vokaalverandering kan ook plaasvind as gevolg van ontronding. Die meeste ronde vokale is terselfder=tyd agtervokale. Daar is vier vokaliëse segmente in Afrikaans wat met lipronding geartikuleer word maar nie agtervokale is nie, naamlik |y, ø, œ en œy|. As hulle nie met lipronding uitgespreek word nie, het hulle dieselfde tongstand as |i, e/ø en œi|.

3.13 Spanning

'n Mens merk by gespanne vokale (ongeveer dieselfde as die "langes") 'n verandering van kwaliteit tydens hulle verloop op, maar nie by die ongespanne vokale (ruweg die "kortes") nie, met ander woorde die gespanne vokale is effens diftongies of "gebreek", byvoorbeeld ongeveer [iə, uə, øə] in wat ons gewoonlik e, o, eu skryf, en die ongespanne vokale nie.

Afrikaanse uitspraak word gekenmerk deur slap spier=spanning. Die gevolge hiervan is:

"Die ondergespanne klinkers is goed verteenwoordig, terwyl die sogenaamde gespanne klinkers eintlik tussen gespanne en ongespanne in staan. Daarby is die geslote klinkers nie baie gesluit nie en die voor=klinkers nie baie voor nie, nog die agterklinkers baie agter. M.a.w., die buiteklinkers bly sonder uitsondering binne die lyne wat die kardinale klinkers verbind, d.w.s. hulle mik na die neutrale

gebied toe." (Le Roux e.a., 1927: 43.) Hierdie verskynsel staan bekend as wqverlaging - 'n term wat gebruik is deur prof. H.G.W. du Plessis (1980: 10).

3.14 Fonologiese reëls vir die veranderlikes

Met die oog op die verklaring van fonologiese veranderinge is dit noodsaaklik om die fonologiese verskynsels distribusioneel te bekyk:

- Reël 1 Watter spraakklanke kom daarin voor en in watter kombinasies?
- Reël 2 Die verskynsel dat één foneem twee of meer variante kan hê binne dieselfde omgewing. Dit staan bekend as komplementêre distribusie.
- Reël 3 Verandering in die klankvorm van woorde sonder betekenisverandering.
- Reël 4 Die proses wat kan plaasvind in vlot spraak. Hiertoë behoort baie gevalle van assimilasie asook weglating as gevolg van "lui" uitspraak.
- Reël 5 Die sogenaamde "vrye variasie" per spraakklank soos byvoorbeeld die afwisselende sterk diftongering en swak diftongering. Daar is streke waar beide naas mekaar voorkom. Die afwisseling is nie weer te gee in terme van linguistiese omgewing nie en heet daarom "vrije variasie" soos by 2 en 3.

Die verskil tussen reël 2 en die ander lê daarin dat daar by reël 2 geen alternatiewe bestaan nie. By die ander wel. Byvoorbeeld die reël vir vokaalreking voor -r wat onderliggend |bir| tot|bi:r| verander, veroorsaak geen wisselende uitspraakvorm nie: aangesien die -r tot die woord self behoort, het bier altyd 'n lang variant.

Die alternasies by 3 genoem, is verpligtend: hulle kan op geen enkele wyse ongedaan gemaak word nie. Hierdie verpligte reëls vir die komplementêre distribusie soos by 2 en 3 word "lentoreëls" genoem. (Koefoed en Van Marle, 1978: 26.)

Die alternasie onder 4 genoem, is nie verpligtend nie. Dit gaan hier dus om prosesse wat onder bepaalde omstandighede onderdruk kan word. Dit hang saam met die styl van die gesprek: hoe vlotter en informeler die styl, hoe meer sal van hierdie prosesse plaasvind.

Daarteenoor is die vrye variasie wat onder 5 bespreek word in die meeste gevalle sosiaal gerig en die variante is kenmerkend van iemand se sosiale afkoms en status.

Teenoor die verpligte of "lentoreëls" staan ook die term "allegroreëls" wat beteken opsionele reëls. 'n Mens kan ook die term "lentostyl" en "allegrostyl" gebruik vir respektiewelik sorgvuldige en informele spraak. (Koefoed en Van Marle, 1978: 27.)

Die volgende tweedeling van die fonologiese reëls is dié tussen neutraliserende en nie-neutraliserende reëls. Eersgenoemde verander spraakklank A na B terwyl hulle onderliggend tog wel te onderskei moet word. "Onderliggend moeten in het Nederlands t en d onderscheiden worden, gezien woordparen als laten en laden, maar de regel Verscherping, die niet-sonorante medeklinkers op wordeinde stemloos maakt, herleidt /læd/ tot /laat/ en neutraliseerd dus het onderscheid tussen t en d. Klinkerverlenging voor r en meer in het algemeen de regels voor de complementaire distributie onder B zijn niet-neutraliserend. Bezien vanuit de fonetische representatie leveren neutraliserende regels moeilijkheden op voor de analyse: een -t op wordeinde in de fonetische representatie kan immers zowel op onderliggend t als d teruggaan. De lange [i:] heeft maar één mogelijke bron: alle lang [i:]'s zijn varianten van de [i]. Men ziet dat het onderscheid neutraliserend - niet-neutraliserend niet zamenvalt met dat lento en allegro. Klinkerverlenging voor r is niet-neutraliserend, verscherping is wel neutraliserend en beide zijn lento-regels. De assimilatie /z/ > /s/ is in principe neutraliserend (vergelijk de set tegenover de zet en daarnaast dubbelzinnig het setje), maar het is een allegroregel." (Koefoed en Van Marle, 1978: 27.)

Die laaste indeling is dié van produktiewe en onproduktiewe reëls. 'n Reël kan produktief wees as hy van toepassing is op nuwe woordmateriaal. Allegro=

reëls is altyd produktief. Lentoreëls kan produktief en onproduktief wees. Verskerping en vokaalverlenging voor r is byvoorbeeld altyd produktief. Verlenging van vokale in oop lettergrepe is 'n onproduktiewe reël, alleen van toepassing op 'n histories-bepaalde groep woorde.

Met hierdie teoretiese agtergrondskennis kan die variasie van die vokaal by Griekwa-afrikaans nou bekyk word.

HOOFSTUK 4

VOKAALVERPLASING

4.1 TER INLEIDING

Afrikaans is die totaal van al sy dialekte - Griekwa-afrikaans en Standaardafrikaans is maar twee voorbeelde daarvan. Chambers (1980: 3) sê baie duidelik "that a language is a collection of mutually intelligible dialects". Hierdie definisie het die voordeel dat dit dialekte kan karakteriseer as standaardvorme van 'n taal en dit kan ook weer die kriterium wees om deur middel van vergelyking die variasies op te spoor.

'n Afrikaanssprekende kan dwarsdeur Suid-Afrika reis en hy sal almal wat Afrikaans praat, verstaan. Tog sal hy binne sekere regionaal-sosiale gemeenskappe variasies hoor wat hom vreemd sal aandoen, en verder sal hy vind dat hierdie variasies nie homogeen binne daardie spraakgebied is nie want nóg Afrikaans nóg Standaardafrikaans is homogeen binne eie kring. Standaardafrikaans varieer van Griekwa-afrikaans en omgekeerd. Griekwa-afrikaans varieer weer binne sy eie geografiese en sosiale omgewing. Selfs dieselfde spreker varieer ten opsigte van sy eie uitspraak omdat alle sprekers van 'n bepaalde taal oor meer as

een linguistiese kode beskik en hy gebruik daagliks meer as een van hierdie kodes. Daar moet dus binne die dialektiese variasie ook ander faktore wees wat gedurende kodewisseling bewerkstellig. Een daarvan staan bekend as diatipes wat die sisteemgevolg (die wisselende kode) van buitetalige faktore is soos gespreksonderwerp, wyse van gesprekvoering, gees van die gesprek, gespreksgenote, ensovoorts. Die Sosiolinguistiek kon nog nie al die faktore verklaar nie. Moontlik kan die antwoorde hierop deur die eksperimentele fonetici gegee word. Shuchardt het reeds in 1885 besef dat taal 'n sosiale fenomeen is wat verskeidenheid toon, en dit vind ons ook by die Griekwas: daar is geen homogeniteit nie en daarom is die veranderlikes nie altyd voorspelbaar nie. Die bevinding is egter dat daar by die Afrikaans van die Griekwas byvoorbeeld geen sprekers is wat nóóit 'n vokaal verlaag nie, en ook geen sprekers wat hom altyd verlaag nie. Dieselfde wisselvalligheid word ook by ander vokaalverplasings aangetref.

Vir dié toetse is gebruik gemaak van tien sprekers. 'n Uittreksel van al die woorde is gemaak waarin die vokale van Griekwa-afrikaans varieer ten opsigte van Standaardafrikaans. Die totale las van die onderskeiding rus slegs op die gehoor van die navorser omdat toetse met die sonograaf geen lig kon werp op verhoging en verlagings van vokale nie.

4.2 VOKAALVERLAGING

4.2.1 /o/-verlaging

4.2.1.1 /o/ > [ɔ̃]

Hierdie /o/ verlaag na 'n posisie tussen [o] < [ɔ]. In die statistiese opsomming op bladsy 45 word die [o] sowel as die [ɔ̃] gerealiseer.

Die bevinding volgens die tabel is dat genoemde verlagings voorkom voor alle konsonantfoneme wat in die "auslaut" kan voorkom. Die [d] en [b] kom net in die "anlaut" voor maar realiseer in die "auslaut" as [t] en [p], byvoorbeeld

- (1) dood > [dot]
- rib > [rɔ̃p]

Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat die fonologiese omgewing geen rol speel by hierdie veranderinge.

Die feit dat een spreker selfs dieselfde woord op twee wyses uitspreek, wys op 'n willekeurigheid wat moeilik bepaalbaar is. Verlagings kan selfs nog meer dikwels voorkom, afhangende van onder andere die diatipiese verskeidenheid soos in 4.1 verduidelik.

Spreker nr. 3 het byvoorbeeld 27 keer verlaag teenoor die 3 keer waar die /o/ normaal gebly het. Die

SPREKER

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	Spokers		Totaal											
	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v	o l v											
Gebore		2	2	1	2	-	-	1	-	3	3	1	4	4	7	0								
Gehoor	-		2	-	4	1	-	1	1	-	1	2	4	2	5	7								
Voer	1	-	1	2	2		1	1	1	-	5	-	1	2	2	4	12	6						
Over Lede	1	-	-	-	1	1	-	-	1	-	-	-	1	-	4	1	4	1						
Over Log	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	1	0	1	0							
Over	-	-	-	-	-	-	1	1	-	1	1	-	-	2	2	2	2							
Overvat	-	-	-	-	-	-	-	-	2	-	-	-	-	1	0	2	0							
Oral	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-	1	0	1	0							
Over trek	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	0	1	0								
Hoer	-	-	1	-	4	1	-	1	1	-	1	2	-	4	3	5	6							
Over Hoer	-	-	-	-	1	1	-	-	-	-	2	-	-	2	1	3	1							
Hoer	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	0	1	0	1							
Groot	6	-	6	-	7	2	1	1	2	5	1	2	5	2	3	2	6	0	17	20				
Doel	-	2	2	1	1	-	-	-	-	-	-	2	-	-	3	1	5	1						
Groot	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	1	0	3	0						
Overdoel	1	1	-	1	2	-	-	-	-	-	-	-	-	2	3	2	3							
Hoog (ste)	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0	1	0							
Hoop	1	1	5	-	2	1	2	4		2	1	2	4	1	6	6	11	15						
(Ge)koop	-	-	-	-	-	1	-	-	-	1	-	-	-	0	1	0	2							
(Ge)doop	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	2	-	1	0	3	0						
Hoop	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0	1	0	1							
Groot	-	1	-	-	-	1	1	-	-	-	-	-	2	2	1	2	4	3						
Hoop	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0	1	0	1						
Hoop	-	-	1	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	0	2	0	2							
Spook	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0	1	0	1							
Groot	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	0	1	0	1							
Hyacint	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	0	1	0	1							
Hone	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-	0	1	0	1							
Overhoop	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	0	2	0	2							
	10	2	2	18	1	27	7	4	2	15	7	2	19	7	15	9	2	10	12	2	51	51	89	96

enigste keer wat hy nie voor /r/ verlaag het nie, is die woord vir hom in die mond gelê deur die vraesteller: "Wanneer is jy gebore?" Dit is nie bekend wanneer hy gebore is nie maar hy reken dat hy in die tyd van die Groot Griep gebore is. Hy is dus al bejaard. Nog 'n bejaarde van 75 jaar is spreker nr. 2 wat net so baie verlaag het. Verlaaging moet daarom 'n kenmerk van die ouer Griekwa se Afrikaans wees. Spreker nr. 3 kan selfs nog die oorspronklike Griekwataal praat.

By spreker 1 en sy vrou nr. 10 kom baie min verlaging voor. Die verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat hulle op 'n baie eensame plaas in die Kalahari opgespoor is. Hulle woon reeds baie jare daar. Hulle enigste gespreksgenote is Blankes. Met Tswanas meng hulle glad nie. Binne bereikbare afstand woon geen Griekwas nie. Dit blyk dat die Afrikaans van die Blanke reeds sy stempel afgedruk het. Die gespreksituasie was heeltemal ontspanne.

Spreker nr. 6 is die enigste onder die tien wat kan lees en goed kan skryf, trouens hy is die sekretaris van die Griekwa-organisasie te Griekwastad. Dis duidelik dat die hantering van die skryftaal en die skrifbeeld 'n uitwerking het op sy uitspraak. As gevolg daarvan is hy bewus van die bestaan van die twee aparte foneme /o/ en /ɔ/. Hy het slegs twee keer verlaag, en dit in die geval van groot wat, op een na, deur almal verlaag is.

In die geval van spreker nr. 5 is aan die einde van die gesprek sy aandag gevestig op sy uitspraak, met ander woorde hy is dadelik op sy hoede gestel. Die gesprek het as volg verloop: "Sê jy: Dis 'n |xro:t| leeu, of sê jy: Dis 'n |xr^ot| leeu?" Sy antwoord was dadelik: "Dis 'n |xro:t| leeu." Vraesteller: "Sê jy: Ek |fərko:p| iets, of: Ek |fərkup| iets?" Antwoord: "Ek moet nou kyk in my boerdery of ek nie 'n |xr^otərəxə] skap of bok kan |fərk^op| nie." Vraesteller: " |fərk^op| nie?" Antwoord: "|fərkop| nie." Met die eerste vraag is sy aandag spesifiek op groot gevestig. Met die tweede vraag is sy aandag van groot na verkoop verplaas en toe trap hy in die slaqyster. Nietemin, uit die vrae is pertinent die versekering gekry dat hy in 'n onbewaakte oomblik tog |xr^ot| en |fərk^op| gebruik.

Uit die gegewe en die rol wat diatipes speel, is dit duidelik dat geen presiese frekwensiepersentasie prakties berekenbaar is nie. Dit is egter duidelik dat daar variasies van die /o/ bestaan. Hierdie variasie kan ons sosiaal-gewestelike allofone of variante noem. Dit is 'n variasie van dieselfde fo= neem. Dit is opvallend dat dit geen semantiese pro= bleme opgelewer het nie. Slegs in vier gevalle was dit moonlik, naamlik by oep, groot, doop en bome. Tog het die woordomgewing die probleem opgelos sodat daar geen misverstand was nie.

4.2.1.2 /o/ > [ɔ]

Dieselfde prosedure is gevolg as by die vorige opsomming.

SPEKERS

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	
	[ɔ]	[o]	[ɔ]	[o]	[ɔ]	[o]	[ɔ]	[o]	[ɔ]	[o]	
ock	-	7	1	6	-	13	-	1	4	1	7
so	11	-	3	-	1	-	4	-	-	-	5
socs	-	-	2	1	-	-	-	-	-	2	-
oor	-	-	-	1	-	-	-	-	1	-	-
hoofstuk	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-
geleef	-	-	2	-	-	-	-	-	-	-	-
rook	-	-	-	-	-	-	4	-	-	-	-
oop	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-
opperhoof	-	-	-	-	-	2	-	-	-	4	-
loop	-	-	-	-	-	-	-	2	2	-	-

Die variasie [ɔk] is beslis nie sosiaal-gewestelike uitspraak nie omdat [ɔk] voorkom by baie sprekers oor die hele spektrum waar Afrikaans gebesig word. In die opname van die Griekwasprekers kom [ɔk] slegs ses keer voor terwyl [ɔk] een-en-sestig keer gebesig is en dan wel deur al die sprekers.

Die ander /ɔ/-variasies is eerder idiolekties as dialekties. Die volgende afwykings kom elk slegs by een spreker voor:

- (2) spreker 2: [sɔs], [ɔr], [hɔfstɔk].
- spreker 3: [rɔk].
- spreker 5: [xɔlɔf].
- spreker 6: [ɔp].
- spreker 7: [ɔpərhɔf], [lɔp].

Spreker 3 praat vier keer van [rɔk] in plaas van [rɔk] en spreker 7 gebruik [ɔpərhɔf] ook vier keer. Dit is genoegsame bewys dat hierdie uitspraak van die twee woorde deel van die individuele spraak geword het. Dit is dus idiolekties. Wat [sɔs], [sɔ] en [ɔp] betref is daar groot onvastigheid. Spreker 2 gebruik [sɔs] twee keer teenoor [sɔs] se een keer en spreker 7 sê twee keer [lɔp] en twee keer [ɔp]. Spreker 3 spreek elf keer [sɔ] korrek uit maar een keer [sɔ]. Uit laasgenoemde kan slegs een afleiding gemaak word, naamlik dat die /ɔ/ in die woordeinde selde verlaag word, behalwe waar die woord so sintaktiese aksent dra.

4.2.1.3 [ɛ] > [æ]

'n Ander variant is die middellae [ɛ] wat verlaag word na [æ] in die volgende woorde:

werk	plek	weg	wet	bel
wêreld	lekker	regte	geredde	tel
kerk	ek	regmaak	het	elke
dertig	trek	sleg	net	help jɛlb
ver				geld ʃɛlt
sterwe				dieselfde disɛlɔ
kêrel				elfde
berge				
Klerksdorp				
sterk				
geswerwe				

Hierdie verlaging kom nie net voor by die Griekwa=dialek nie. Hoewel De Villiers (1973: 101) dit 'n gewestelike variant noem, is die geografiese ver=spreading daarvan nog nie bekend nie.

Uit die voorgaande woordelys is dit egter duidelik dat die fonologiese omgewing wel 'n rol speel. Hier= die verlaging vind telkens plaas voor /t/, /k/, /g/, /t(d)/ en /l/. Die gegewe is egter te min om met sekerheid te kan bepaal dat dit net voor bogenoemde konsonante verlaag.

Hoewel die [ɛ] 'n ongeronde voorvokaal is, vind daar tog by die verlaging 'n effense ronding plaas wat ons

substituutronding kan noem. Dit wil sê dat die tong 'n steil helling van agter na voor maak en op die manier 'n "bakkie" vorm "wat wesenlik dieselfde frekwensies versterk as 'n resonator wat met lipron- ding gevorm word". (Van Wyk, 1977: 77).

In die geval van [skɛ:cis] kom daar in plaas van 'n verlaging, 'n effense verhoging wanneer die /r/ in die uitspraak verlore gaan. Dit geskied oënskynlik onder invloed van die gepalataliseerde /k/. Dit sal natuurlik ook gebeur met [pɛ:cis] en [stɛ:cis]. Hierdie uitspraak toon duidelik die beïnvloeding van die Kleurling wat 'n groot deel van die gemeenskap van Griekwaland-Wes uitmaak.

4.2.1.4 Ander gevalle van verlaging

Die volgende gevalle van verlaging kom ook voor in Griekwaland-Wes maar die gebruiksfrekwensie daarvan is baie laer as in Griekwaland-Oos, trouens dit kom so min voor dat dit slegs as idiolektiese gevalle beskou kan word:

- (3) [ə] > [a]: droewig > [druvax]
betaal > [patal]

In Griekwaland-Oos kom [twəntax] ook voor terwyl dit nie by een van die 10 sprekers in Griekwaland-Wes gehoor is nie.

- (4) [u] > [ɔ]: goewerment > [xɔvərmənt]
(5) [ɔ] > [a]: fontein > [fantəin]
(6) [œ] > [a]: musiek > [masik]

4.3 VERHOGING VAN VOKALE

Dieselfde onvastheid wat ons by die verlaging van vokale aantref, kry ons ook by die verhoging daarvan.

4.3.1 /i/ > [i̠]

'n Seldsame verhoging van /i/ vind ek by een spreker in die woorde

(7) tiere, tierkloof en diere.

Die uitspraak van hierdie /i/ lê hoër as die Afrikaanse /i/; dus nog nader aan die kardinale /i/. Omdat dit net in bogenoemde drie woorde raakgeloop is, lyk dit tog of die fonologiese omgewing 'n rol speel. Normaalweg word die vokaal voor r gerek selfs in woorde soos vuur en muur. Daarom is die voorbeeldgeval dan ook gerek. Maar dit lyk eerder of dit die /t/d/ is wat aanspreeklik gehou moet word vir die effense verhoging. Die stand van die punt van die tong by die artikulasie van beide /t/ en /d/ is reeds in so 'n posisie dat hy gereed is vir die uitspraak van die /i/. Dus: die minste spierspanning.

4.3.2 /o/ > [o̠]

Net so 'n seldsame verhoging wat by dieselfde spreker aangetref word, is die effense verhoging by die /o/. Waar vantevore verwys is na 'n verlaagde /o/ (4.2.1.1) het ons in die volgende woorde weer 'n verhoging:

4.3 VERHOOGING VAN VOKALE

Dieselfde onvastheid wat ons by die verlaging van vokale aantref, kry ons ook by die verhoging daarvan.

4.3.1 /i/ > [i̠]

'n Seldsame verhoging van /i/ vind ek by een spreker in die woorde

(7) tiere, tierkloof en diere.

Die uitspraak van hierdie /i/ lê hoër as die Afrikaanse /i/; dus nog nader aan die kardinale /i/. Omdat dit net in bogenoemde drie woorde raakgeloop is, lyk dit tog of die fonologiese omgewing 'n rol speel. Normaalweg word die vokaal voor r gerek selfs in woorde soos vuur en muur. Daarom is die voorbeeldgeval dan ook gerek. Maar dit lyk eerder of dit die /t/d/ is wat aanspreeklik gehou moet word vir die effense verhoging. Die stand van die punt van die tong by die artikulasie van beide /t/ en /d/ is reeds in so 'n posisie dat hy gereed is vir die uitspraak van die /i/. Dus: die minste spierspanning.

4.3.2 /o/ > [o̠]

Net so 'n seldsame verhoging wat by dieselfde spreker aangetref word, is die effense verhoging by die /o/. Waar vantevore verwys is na 'n verlaagde /o/ (4.2.1.1) het ons in die volgende woorde weer 'n verhoging:

- (8) [b^{ɔ̃}bəjanə |
 |tl^{ɔ̃}və |
 |rɛx^{ɔ̃}r |

Laasgenoemde verhoging, naamlik effens hoër as die /o/ maar laer as die /u/, mag Bolandse beïnvloeding via die Kleurling wees maar eersgenoemde, naamlik dié in tiere lyk na 'n idiolektiese geval omdat dit nêrens weer raakgeloop is nie. Ook Rademeyer (1938) maak nie van so iets melding nie. Dit is nie iets wat vroeër bestaan het en later verdwyn het nie.

4.3.3 /e/ > [i_ə]

Wat redelik algemeen voorkom, is die verhoging van die /e/ in woorde soos nee, gee, tee, vergeet en weet. 'n Mens sou dit 'n diftong kon noem omdat daar in die eenheid van die klank 'n buiging gehoor word, soos:

- (9) [ni_ə |, [ʃi_ə |, [ti_ə | [djam_ə | [f^ərxi_ət |
 |vi_ət |

Maar omdat dit kenmerkend van die diftong is dat hy 'n dalende sonoriteit het, kan [i_ə] nie as sodanig beskou word nie, juis omdat dit 'n stygende sonoriteit besit. Onder sonorant word verstaan "dat die spraakkanaal sodanig opgestel is dat dit spontane stembandtrilling moontlik maak". (Wissing, 1982: 39.) 'n Ander eienskap van sonorant is die feit dat daar geen versperring in die spraakkanaal voorkom nie.

Onder dalende sonoriteit word dus 'n effense obstruksie verstaan en onder stygende sonoriteit verstaan ons minder obstruksie. Die /i/ is minder sonoor as die /ə/.

Wat dit verder moeiliker identifiseerbaar maak, is die feit dat daar geen breking hoorbaar is nie.

4.3.4 /ɔ/ > [u]

'n Ander verhoging vind by die /ɔ/ plaas in woorde soos:

- (10) onder > [unər]
tot > [tut]

Ander voorbeelde daarvan kon nie gevind word nie. Selfs Rademeyer (1938) kon destyds nie meer voorbeelde aanteken nie. Hierdie twee woorde se uitspraak is tipies dialekties omdat dit algemeen en verspreid raakgeloop is van Olifantshoek tot in Ritchie.

4.3.5 /u/ > [u]

Die /u/ in woorde soos:

- (11) loop > [lup]
soos > [sus]
skoondogter > [skundəxtər]

kom baie min voor. [lup] is by twee sprekers aangetref. Volgens Rademeyer (1938: 150) kom [lup] vry algemeen voor in die omstreke van Hopetown. En dan die [skundəxtər]. Dit is 'n bejaarde spreker

wat dit so uitspreek. Aanvanklik het dit gelyk asof hy hom verspreek het omdat hy werklik oor die uitspraak gestruikel het maar later in die gesprek het hy dit weer net so herhaal. [skonsen] spreek hy korrek uit. Die woorde skoondogter, skoonseun en skoonmaak is in 'n vraelys by ander sprekers gebruik en nêrens kon weer so 'n uitspraak gevind word nie behalwe by een bejaarde in die uitspraak [skun] vir skoon. Volgens Rademeyer (1938: 143) kom die uitspraak [skun] in die omgewing van Saldanha baie dikwels voor. Dit is dan ook 'n aanduiding dat streng afbakening van geografiese grense vir dialektiese verskeidenheid onmoontlik is. Daar vind voortdurend uitstraling plaas soos in die geval van [lup] (Hope=town) en [skun] (Saldanha). Die uitstraling van hierdie uitsprake trek al sover as Griekwaland-Wes al is dit nog maar yl. [sus] het ek slegs een keer raakgeloop en dit by dieselfde spreker wat tiere en klowe so uitsonderlik verhoog het.

Die /a/ wat verhoog na [u] is slegs in die woord daar gevind (Olifantshoek) en elke keer het dit swaar gedra aan aksent soos in die volgende:

(12) [durr unər]
[du:ri]

Sulke veranderlikes is dikwels gevind by swaarbelaste aksent:

(13) [durr]
[unər]
[sɔ]
[nⁱə]

[d̥əs n̥u məi skúndəxtər dai/maner]

4.3.6 /ə/ > [ʔə]

Die /ə/ verhoog en beweeg terselfdertyd tot in 'n posisie tussen die /ɛ/ en die /e/ in woorde soos:

- (14) binne > [bʔənə]
niks > [nʔəks]
dit > [dʔət]
gesit > [xəʔət]
stilsit > [stʔəlsʔət]
stil > [stʔəl]
is > [ʔəs]

Die woordjie dit word dikwels ook verlaag na dat veral waar dit met is geassimileer word tot dats. Die is verlaag op sy beurt by sommige sprekers in die rigting van [ɛ]:

- (15) dit is > [dɛs]

4.3.7 /ɛ/ > [i]

By twee vrouens is die eienaardige uitspraak [ilkə] vir elke gekry. Dit is moontlik 'n kontaminasievorm van elke met ieder. Dit sal egter maar net bly by 'n hipotese. Dit kan bloot net idiolekties ook wees.

4.3.8 /ə/ > [e]

Die /ə/ in kinders word deurgaans ná die gepalataliseerde /k/ as [e] uitgespreek, naamlik

(16) kind > |cent|

kinders > (cens|s| of |cendərs|

Waar hy nie na die palatale /k/ verskyn nie maar wel na die velêre /k/, word hy normaal uitgespreek as [ɔ], byvoorbeeld

(17) kind > |kənt|

kinders > |kəns| of |kəndərs|

Dieselfde geld vir begin en gister:

(18) begin > |bəçən|

gister > |çestər| of |çestərt|

4.3.9 /æ/ > |∅| of |e|

Die /æ/ word talle kere as |∅| uitgespreek in

(19) |døskant| en |çøsay|

maar |duskant| kom ook een keer voor. Selfs sukkel word by een geleentheid as |sekəl| uitgespreek (moontlik die ontronding van |søkəl|).

Die vorme:

(20) |axəstəs| en |axøstəs| (Rademeyer, 1938:43)


kon nie meer in Griekwastad opgespoor word nie - dis hoogswaarskynlik 'n verouderde vorm wat besig is om uit te sterf en net nog hier en daar aangetref word.

4.3.10 /a/ > |ɛ|

Dit kom voor in |xəhət| as gevolg van kontaminasie van |xəhat| x |het|. Dis beslis nie idiolekties nie omdat dit 'n vaste patroon by die verlededeel=woordvorm geword het.

4.4 NEUTRALISASIE

Let op die volgende vokaalverskuiwings:



- (21) /e/ > [ɛ] in leegtes, gewees, seker
 (22) /ɛ/ > [ə] in met, en, het, rente, ek,
enkeltes
 (23) /a/ > [a] in as en sal
 (24) /o/ > [ə] in soos
 (25) /ɔ/ > [ə] in mos

Foneme onderskei hulle van mekaar as gevolg van distinktiwe kenmerke (parameters). Tussen foneme (vokale) sal daar altyd 'n aantal parameters wees wat verskil. Hoe minder die verskille, hoe meer ooreenkomste. Hoe meer ooreenkomste hoe groter is die geleentheid dat foneme verwar kan word, veral as die oorblywende kenmerke nie duidelik hoorbaar is nie of toevallig afwesig blyk te wees.

Hier word gebruik gemaak van die volgende 8 distinktiwe kenmerke van De Bruto en Wissing (1974: 5):

Kor.
Ant.
Hoog.
Agter.
Voor.
Mid.
Gespan.
Rond.

Vergelyk nou die volgende foneempare:

4.4.1 /e/ x |ə|

Verskille: + hoog - hoog
+ voor - voor
+ gespan - gespan

Daar is werklik minimale verskille as na hierdie matriks gekyk word:

Die [ə] lê laer maar nie werklik so laag soos [a] nie.

Die [ə] lê nie voor nie maar ook nie so agter soos die [ɔ] nie.

Die [ə] is minder gespanne as die [e].

In alle opsigte het dit duidelik geword dat Griekwa-afrikaans nog meer ontspanne is as Standaardafrikaans en daarby ook geneig is tot verkorting. (Vgl. die afdeling oor DUUR.)

As ons dus aanvaar dat die eerste twee distinktiwe kenmerke van [e] òf vervaag òf verlore geraak het en ontspanne geword het, sal die [e] dikwels met [ə] verwar word. Die woord "dikwels" word gebruik

omdat dit nie altyd gebeur nie. Dit is slegs in die drie woorde

(26) [lɔxtəs]
[xɔvəs]
[səkər]

raakgeloop maar daar kan meer ook wees. Rademeyer (1938: 41) het die verskynsel blykbaar nie onder die Griekwas raakgeloop nie maar wel op Rehoboth in die uitspraak soos [frændələn] vir vreemdeling.

4.4.2 /ɛ/ > [ə]

Verskil: + voor - voor

Hier is soveel as een distinktiewe kenmerk wat verskil en wat ewe maklik gelyk gemaak kan word in woorde soos

(27) met, en, het, rente, ek en enkeltes.

Laasgenoemde twee uitsprake, naamlik [ək] en [enkəltəs] lê wyd verspreid oor die hele spraakgebied van Afrikaans en is veral in gebruik by die ouer lede van die Griekwas. Dink ook aan die moontlike beïnvloeding van die Nederlandse ik in die skole. Trouens die Griekwa praat vandag nog van Afrikaans as Hollands.

4.4.3 /a/ > [ə]

- mid. + mid.

+ gesp. - gesp.

Slegs twee distinktiewe kenmerke wat verskil tussen

[a] en [ə] in

(28) [as] > [əs] en [sal] > [səl]

Rademeyer (1938: 44) vind op Griekwastad spinspek vir spanspek. Hierdie vorm van vokaalreduksie vind ons ook in Standaardafrikaans in woorde soos:

(29) natuurlik

patent

radys

patrys

galant

galop

baljaar

Dieselfde redes wat hierbo aangevoer word, naamlik die minimale parameterverskille, kan ook vir vokaalreduksie in Standaardafrikaans aangevoer word.

4.4.4 /o/ - [ə]

+ hoog - hoog

+ agter - agter

+ rond - rond

+ gespan - gespan

-Rond en - gespan is kenmerkend van die Griekwa-uitspraak terwyl die hoog- en agterartikulasie maklik na die neutrale sone verskuif. Rademeyer (1938) het blykbaar nie sulke uitsprake raakgeloop nie.

4.4.5 /ɔ/ > [ə]

+ agter - agter

+ rond - rond

Die uitspraak [məs] vir mos is een keer waargeneem in die volgende woordomgewing: "Is mis nie 'n Griekwa dai nie, Meneer." Afgesien van die minimale parameterverskille en die posisionele aanpassing van agter na middel, kan assimilasië ook hier 'n rol speel. Tot dusver verstaan ons onder assimilasië: die vermindering of opheffing van artikulatoriese verskille tussen konsonante wat in die spraakstroom op mekaar volg.

Dieselfde geld ook vir die vokale [a] en [ɔ] wat ook mekaar opvolg al is dit nie direk nie.

4.5 Samevattend kan gesê word dat die gegewe en statistiek die hipotese wat in 2.3 aangebied is, as foutief bewys, behalwe in die geval van /ɛ/ > [æ] (4.2.1.3) waar die verlaaging voorspelbaar is deur die fonologiese omgewing.

HOOFSTUK 5

VARIASIE TEN OPSIGTE VAN DIE DIFTONG

Net soos in die geval van die vokale is daar ook diftonge wat ooreenstem en verskil met dié van Standaardafrikaans. Sommige diftonge wat in Standaardafrikaans voorkom, bestaan nie in Griekwa-afrikaans nie. Ander diftonge wat in Griekwa-afrikaans bestaan, bestaan nie in Standaardafrikaans nie. Sommige van die variante vind 'n mens net by sekere woorde terwyl fonologiese omgewing geen rol by die veranderlikes speel nie.

5.1 [øy]

Die [y]-uitspraak vir [øy] wat Rademeyer (1938: 49) in die dertigerjare onder die ouer Griekwas van Griekwaland-Wes aangetref het en "minder gewoon onder die jongeres" was, kan nêrens opgespoor word nie. Die opnames is juis gemaak onder die "jongeres" van destyds wat nou ten minste vyftig jaar ouer geword het. Daarom is dit vanselfsprekend dat wat destyds "minder gewoon" was, nou heeltemal ongewoon kan wees.

luis wat as huus uitgespreek is, word nou huis met die kenmerkende ontronding van die Griekwas, naamlik

[həis].

Ook [tə:is] vir [təys] en [llo:is] vir [ləys] bestaan nie meer nie, nog minder die uitspraak [tuis] en [buitəkant]. Die diftong [əy] bestaan eintlik nie in Griekwa-afrikaans nie. Slegs die [əi] kom voor in die volgende uitsprake:

- (1) [səitvəs] [ansləit]
 [ləitrek] [təislant]
 [həisə] [xəbrəik]
 [ləukəil] [bəitəkant]
 [dəisənt] [daniəlskəil]
 [krəispan]

Nêrens word gevind dat hierdie diftong gerek word nie. Ook in Standaardafrikaans word die diftong [əi] altyd kort gebruik.

Die [əi] in [əintlək] word algemeen nie-diftongies gebruik. Hierdie verskynsel het Rademeyer (1938:51) ook raakgeloop. Ons kry verskillende uitsprake soos:

- (2) [əntlək] x [ɛŋklək]
 [əntlək] x [ɛŋklək] x [ənərlek]
 [əntlək] x [ɛŋklək] x [ənərlek]

Die uitsprake [əntlək], [ɛntlək] (in 'n mindere mate) en [əntlək] kom ook redelik algemeen voor onder AB-sprekers, maar [ənərlek] is tipies Griekwa-afrikaans. Net soos in die geval van neutralisasie van vokale waar daar geneig word in die rigting van hoër sonoriteit, word die i-klank met sy verlaagde sonoriteit

uitgeskakel. Dit is kenmerkend van die "lui"*¹) uitspraak van die Griekwas dat die spraakapparaat bo die epiglottis so oop moontlik gehou word. Word die i nou uitgeskakel, hoor 'n mens [əntlək]. Na aanleiding van die verskynsel in Afrikaans dat, byvoorbeeld kind, met die byvoeging van die affiks -lik nou kinderlik [kənərlek] word, word [əntlək] ook met die oorgangsklank -er nou [ənərlek]. Die -nt- word nou net soos by die -nd- in kinderlik deur assimilasië gelyk gemaak aan -n-.

5.2 [eu]

Die uitspraak [ləu] en [ləuənsə] vir leeu en leeu kom algemeen voor onder die Griekwas. Die [ləu] blyk nie 'n variasie van die Afrikaanse diftong [eu] te wees nie. Toe die vraag aan 'n Griekwa gestel is waarom hy dan nie meer lou sē nie maar leeu, was sy antwoord: "Ek het dit by die witman geleer. Lou is 'n Griekwawoord." (Hierdie Griekwa het reeds in 1952 vanaf Upington na Transvaal verhuis en het dus kontak met sy taalgenote verbreek.)

Die voorkoms en herkoms van hierdie woord kan nie eksplisiet verklaar word nie. Dit kan sy oorsprong hê in een van die ouer Nederlandse dialekte want die en in louense is tipies die Nederlandse meervoudsvorm. Die W.N.T. beskou louwen as 'n gewestelike woord vir

*1) Luiheid by uitspraak is 'n nie-linguistiese faktor wat geskep word onder andere deur klimaatstoestande. Griekwaland-Wes staan bekend vir sy droë, warm klimaat.

luwen, 'n geablauteerde vorm van leeuwen, maar semanties het dit geen verband met die Griekwawoord louense nie. Klankverandering is afkomstig van artikulatoriese faktore en het niks te make met die betekenisaspek nie. Daarom kan as gevolg van ablaute die volgende verandering ontstaan het: leeuwen > luwen (löwen) > louwen.

'n Ander verklaringsmoontlikheid lê in die neiging tot neutralisasie van die e as die eerste deel van die diftong [eu]. Hoe meer sonoor hoe makliker die uitspraak. Dus /e/ > [ə] in [eu], 'n variant van die geronde Afrikaanse [u]. Indien dit so is, word die vorige hipotese, naamlik dat [əu] nie 'n variasie van [eu] is nie, verkeerd bewys.

Nog variasies van [eu] vind ons in [skrəu] en [skre]. Beide uitsprake, hoewel dit gewestelike uitsprake is, kom ook voor in die omgangstaal van die AB-spreker. Vir eersgenoemde is 'n verklaring probeer gee. Vir [skre] geld dieselfde as vir [skrəu]. Die [u] is nog minder sonoor as die [e] daarom word eersgenoemde gemaklikshalwe weggelaat.

Slegs by een spreker is nie [skrəu] en [ləuənsə] raakgeloop nie. Hy is 'n belese man wat baie skryfwerk doen as sekretaris van die Griekwaraad. Sy status is derhalwe verhoog tot 'n sogenaande kleinopperhoof. Status en "geleerdheid" speel 'n baie belangrike rol by veranderlikes. Hier word 'n stukkie van sy gesprek aangehaal:

[hir kɔn jəj nɔx bəijətəit xəhor hət leuənsə brəl //
tirə ʔk vas hir fel ʔk xəves / mar vək dirə / nəu ən
dan kɔn xəhor hət leuənsə skre okl.]

Vir hom bestaan kommunikasie nie net uit spraakklanke nie maar die skrifbeeld speel ook 'n rol, met ander woorde die spraak kan ook deur die skrifbeeld gerealiseer word. Die skrifbeeld stel vir hom 'n ander klank voor as [ləu] en [skrau]. (Spreker 6: 4.2.1.1.)

Net soos in die geval van Rademeyer (1938: 51) kon geen uitspraak soos [liu] raakgeloop word nie, slegs [ləu] en in baie gevalle ook [leo]. (Weer gemaklikheidshalwe 'n verlaging van [u] na [o], dit wil sê: meer sonoor.) Hierdie [leo] kom veral voor in samegestelde plekname soos Leeupan en Leeukuil. 'n Ander uitspraak sou 'n variasie meebring ten opsigte van die gevestigde pleknaam wat allemansbesit is.

5.3 [ai]

Die [ai]-diftong toon weinig variasie ten opsigte van Standaardafrikaans. Meer algemeen kom diftongering voor deur assimilasië van daardie na dai (kort), net soos in AB-afrikaans ook maar die geval is. Naas die ai in [bajə] kom [bənə] en [bənə] ook voor, iets wat in Standaardafrikaans ongewoon is maar in ouer vorme van Afrikaans dikwels gebruik is. [bail] kom ook voor sonder die e-uitgang.

5.4 [ui] en [oi]

Die [ui] en die [oi] toon geen variasies nie behalwe in die geval waar [oi] as [ɔi] uitgespreek word in [mɔi] en [xɔi]. [xɔi] kom ook algemeen voor in Standaardafrikaans maar [mɔi] kom minder algemeen voor in: Dit is 'n [mɔi] mens. Dit kom eerder voor in 'n uitroep soos [mɔi]. Minder algemeen in Standaardafrikaans en heel gewoon in Griekwa-afrikaans is die verlaagde ɔ in [rusi]. In laasgenoemde geval praat 'n mens dan eerder van triftongering.

Die neiging tot verkorting wat 'n mens by die Griekwas aantref, geld ook vir hulle diftonge. In die volgende hoofstuk word meer oor duur geskryf.

HOOFSTUK 6

VARIASIE TEN OPSIGTE VAN DUUR VAN VOKALE

Die lengte van 'n klanksegment kan op artikulatoriese en akoestiese vlakke gemeet word, maar dit het vir die fonetikus geen sin nie want dit verskil van taal tot taal; van persoon tot persoon en geleentheid tot geleentheid.

6.1 TEMPO

Sommige persone praat, in vergelyking met ander, teen 'n vinniger tempo; ander weer teen 'n stadige tempo. 'n Vinnige tempo maak gebruik van 'n korter vokaal en diftong terwyl 'n stadige tempo 'n langer vokaal en diftong voortbring. Dit gaan egter nie oor absolute duur nie maar oor duurverhoudinge. In enige taaluiting sal daar dus duurverskille tussen sekere vokale voorkom, naamlik lank en kort. Die werklike duur van die begrip lank en kort is nie ter sake nie solank die een net langer is as die ander want lengte in Afrikaans funksioneer woordonderskeidend:

- (1) |pɔ:nt| = geldstuk
|pɔnt| = vlot

6.2 LENGTE

Lengte is nou verbonde met die segmentale eienskappe van vokale. Lengteverskille tree na verhouding selde outonoom op. Die Afrikaanse [a:] kontrasteer met [a] as gevolg van vertikale tongstand en lengte. As gevolg van daardie segmentele verskil is [a:] en [a] nie allofone nie maar verskillende foneme. Dis slegs in teenstellings soos [ɛ] x [ɛ:] en [ɔ] x [ɔ:] wat so min segmentele verskille het dat hulle verskille as suiwer lengteverskille beskou kan word.

Oor die algemeen bestaan daar drie lengtes (daar kan meer ook wees) byvoorbeeld kort [ɛ], halflank [ɛ.] en lank [ɛ:]. In uiterste gevalle ook ekstra lank [ɛ::].

6.3 LINGUISTIESE FAKTORE

Die linguistiese faktore wat vokale in lengte laat varieer is in Standaardafrikaans uiteenlopend:

6.3.1 Semanties

Lengte kan woordonderskeidend wees soos in voorbeeld (1) onder 6.1: [pɔ:nt] [pɔnt]

6.3.2 Aantal sillabes

Vokaallengte kan wissel volgens die aantal sillabes

in die woord, byvoorbeeld die /e/ is korter in gewers as in gee. (De Villiers, 1973: 59.)

6.3.3 Aksent

Aksent speel 'n belangrike rol by lengte. Hoe minder klem hoe korter is die vokaal. Terselfdertyd kan daarop gewys word dat by aksentverskuiwing 'n lang vokaal verkort kan word, byvoorbeeld

(2) [fo:rbelt] word [forbe:ldəx]

Hierdie verandering staan bekend as kwantitatiewe verandering. In die vorige hoofstukke het dit gegaan oor kwalitatiewe verandering.

6.3.4 Posisioneel

6.3.4.1 Hoë vokale is gewoonlik korter as lae vokale.

6.3.4.2 Voorvokale is gewoonlik langer as agtervokale.

6.3.5 Fonologiese omgewing

Fonologiese omgewing speel ook 'n rol: 'n vokaal is langer voor 'n frikatief as voor 'n eksplosief; langer voor 'n stemhebbende as voor 'n stemlose konsonant; die nasale verkort en die r verleng die voorafgaande vokaal.

6.3.6 Nasalering

In die geval van nasalering neem die vokaal ook die duur van die nasaal in beslag.

Wat die lengte van die vokaal by die Griekwa betref: Die Griekwa praat teen 'n vinnige tempo en daarom word die vokaal relatief korter uitgespreek as by Standaardafrikaans. Die indruk word geskep dat hulle sommige vokale ekstra lank rek. Ek verwys hier na Anon (1972: 508): "Die klinker word altyd gerek en as gevolg van die temerige uitspraak en langsame praterij staan dit skertsend as Harmansdrup-taal bekend." Selfs Rademeyer (1938: 44) praat van "trek"- of "sleep-Hollands" van die Griekwas en hy noem enkele voorbeelde van ekstra rekking wat hy in Griekwastad raakgeloop het, byvoorbeeld

- (3) [xra:pe]
- [bəske:rəm]
- [sa:kə ko:rəŋsə]
- [po:t]
- [xa:t]
- [y:txəbastər]

Tans is die posisie anders. Die Griekwa maak deesdae min gebruik van lang vokale en diftonge.

6.4 DIE /ε/-FONEEM

Wat die duur van hierdie foneem betref, is daar geen verskil tussen die Afrikaans van die Griekwas en Standaardafrikaans nie, byvoorbeeld

(4) [xəɾədə]

[nɛ]

[mɛs]

[ɛmər]

Die geredekte vorm kom ook voor by:

(5) [sɛ:]

[lɛ:]

[pɛ:rə]

6.5 DIE /a/-FONEEM

Die [a:] kom slegs voor by woorde soos die volgende:

(6) [pəta:l]

[ka:l]

[ha:l] x [hal]

[va:tər]

[ta:lə] x [tal]

Dis baie moeilik om vas te stel of die /a/ in haal werklik lank is maar as na die uitspraak van die /a/ in [hal] geluister word, dan klink laasgenoemde korter.

Daar is dus 'n neiging om voor die lateraal te verleng, maar die inkonsekwentheid lê weer in die uitspraak soos [tal] en [hal]. In woorde soos [va:tər] en [ta:lə] bly die /a/ lank omdat dit in 'n oop lettergreep voorkom en terselfdertyd die klem dra.

In alle ander gevalle word die [a] gebruik:

<p>(7) <u>Voor r</u></p> <p>[mar]</p> <p>[dar]</p> <p>[var]</p> <p>[klar]</p> <p>[kart]</p> <p>[fərklar]</p>	<p>(8) <u>Voor nasaal</u></p> <p>[nam]</p> <p>[an]</p> <p>[stan]</p> <p>[mant]</p> <p>[sam]</p> <p>[tamlək]</p> <p>[xan]</p>
<p>(9) <u>Voor stemlose ekspl.</u></p> <p>[nalat]</p> <p>[xəmak]</p> <p>[xəprat]</p> <p>[slap]</p> <p>[rak]</p> <p>[sak]</p> <p>[skap]</p> <p>[kap]</p>	<p>(10) <u>Voor stemlose frik.</u></p> <p>[bas]</p> <p>[plas]</p> <p>[bəskaf]</p> <p>[lasjar]</p> <p>[naxəlat]</p>

6.6 OOP LETTERGREPE

Die voorkoms van die verlengde [e:], [o:], [i:] en [u:] toon ooreenkoms met die [a:] en ook met Stan=daardafrikaans: die vokaal word in oop lettergrepe wat die aksent dra, verleng, naamlik

- (11) [x^abo:rə]
 [ti:rə]
 [se:man]
 [bu:rə]
 [klo:və]
 [le:na]
 [le:və]

In teenstelling daarmee kom [dopərəi] en [sekər] ook voor. Hierdie variasie kom slegs voor by een spreekster. In haar geval kom nêrens 'n lang vokaal of diftong voor nie. Dit is dus nie 'n algemene verskynsel nie. Waar die aksent van die oop lettergreep na 'n ander verskuif, word die vokaal verkort:

- (12) [afərkansprekəndəs]

6.7 GESLOTE LETTERGREPE

In die geslote lettergreep word alle vokale kort uitgespreek:

- (13) [men] [bom]
 [ves] [von]
 [bes] [hir]
 [les] [fir]
 [ver]
 [vet]
 [mer]
 [lop]
 [lɪ^ɹp]
 [xrot] x [xr^ɔt]

Uitsonderings soos [xro:t] en [fo:rhen] kom wel voor
maar dit wel onder invloed van ekstra woordklem:

(14) [dət vas ə xro:t droxtə dari]
[ni nou ni / mənər / mar fo:rhen ...]

6.8 VOKAAL IN EINDPOSISIE

Waar die [e] en die [o] in die eindposisie staan,
word dit ook dikwels gerek

(15) [xəçe:]
[fe:]
[xlo:]

6.9 GRIEKWA-AFRIKAANS GETOETS AAN DIE LINGUISTIESE FAKTORE (6.3)

Toets ons nou die uitspraak van die Griekwa se voka-
le aan die hand van genoemde linguistiese faktore
wat aanleiding gee tot die opposisies lank teenoor
kort in Standaardafrikaans, dan kom 'n mens tot die
volgende konklusies:

6.9.1 Semanties

In woorde soos

(16) [slap] vir slaap
[rak] vir raak
[sak] vir saak
[kap] vir Kaap
[bas] vir baas
[tal] vir taal

bestaan daar die moontlikheid dat daar betekenisverwarring kan voorkom, maar dit het nooit probleme opgelewer nie omdat die sintaksis en die konteks nooit die geleentheid bied tot misverstand nie:

- (17) [ɔns hət dar l^op slap |
 |ɔmdatns ni di sak nɔx s^o moi kan fəstan ni |
 |həi kɔm fani kap |
 |nⁱə bas |
 [ɔns prat xən anər tal ni |

6.9.2 Sillabes

Vokaallengtes kan in Standaardafrikaans wissel volgens die aantal sillabes. Soos reeds gesê, blyk dit uit die gegewe tot beskikking dat vokale in die oop lettergreep verleng word maar byna 'n gelyke aantal voorbeelde kom voor waar dit nie verleng word nie.

Wat van

- (18) [nasi |
 |plasi |
 |xata | en
 |matərs |?

Dus die aantal sillabes speel ook nie juis 'n beduidende rol nie.

6.9.3 Die plasing van die sillabe-aksent

Die sillabe-aksent kom ooreen met dié van Standaardafrikaans maar of dit aanleiding gee tot verlenging van vokale, is te betwyfel:

- (19) [afərkəns]
 [bəskəf]
 [xəmək]
 [xəbəxrəvə]
 [forsətər]
 [freslək]
 [forxəxən]

6.9.4 Posisioneel

Wat punte 6.3.4.1 en 6.3.4.2 betref: Geen verskil kon waargeneem word tussen die lengte van hoë en lae vokale in die geslote lettergrepe nie. Die tydsduur tussen voor en agtervokale toon ook geen verskil nie. Die diftong in byvoorbeeld [kwai], [sai], [moi], en= sovoorts, is ook korter as in Standaardafrikaans. Dit word wel effens gerek waar diftongering plaasvind as gevolg van assimilasie, byvoorbeeld daardie > [da.i]

6.9.5 Fonologiese omgewing

Behalwe voor die lateraal, waar die vokaal in enkele gevalle verleng word, word die vokaal in alle gevalle in geslote lettergrepe verkort ongeag die fonologiese omgewing:

- Voor r: (20) [mar]
 [mer]
 [for]
 [hir]

Voor nasaal: (21) [nam |
[men |
[bom |

Voor stemlose eksplosief:
(22) [xamak |
[vet |
[h^hip |

Voor stemlose frikatief:
(23) [plas |
[baskaf |
[ves |
[les |
[freslak |

6.9.6 Nasalering en rekking

Die genasaleerde lang vokaal (vokaal plus nasaal=
lengte) bestaan nie in Griekwa-afrikaans nie omdat
nasalering feitlik nie in Griekwa-afrikaans voorkom
nie.

6.10 SLOTBESKOUIING OOR DUUR

Wat die oorsaak is vir die toename in verkorting van
vokale sedert Rademeyer se ondersoek, is moeilik om
te sê. Rademeyer (1938: 44) skryf: "In sy Zielkun=
dige Verwickelinge, IV, bl. 15, toon van Ginneken
aan dat vissers en jagters saggies praat en dat die
taal van handeldrywende dialektbevolkinge gekenmerk
word deur vriendelikheid, beleefdheid en innemend=
heid. Sou 'n mens nie kan aanneem nie dat die

sprekers van 'sleep'-Hollands persone is wat 'n rustige, onbekommerde en onbewoë lewe gelei het, of nakomelinge is van persone wat sodanige lewe gelei het, terwyl dié wat weer die gewoonte het om lang klanke te verkort net die teenoorgestelde lewe gelei het?" Volgens Van Ginneken (Rademeyer, 1938: 44) bepaal lewensomstandighede wel die wese en, meer in besonderhede, die spraaktempo. Oor die laaste halwe eeu het die lewensomstandighede van die Griekwas ook verander. Waar hulle voorheen as 'n homogene groep binne 'n sekere geografiese gebied rustig as boere en jagters gewoon het, woon hulle tans saam met 'n heterogene groep binne daardie gebied en moes hulle maar aanpas by die "gejaagde" lewe van die jongste tyd. Kan dit miskien die oorsaak wees vir die verhoogde tempo? Of is die neiging tot vereenvoudiging, gelykvormigheid of ongespannenheid soos by neutralisasie van vokale aangetoon is, miskien die oorsaak? Dit wil sê die Griekwa probeer om so vermoontlik alle vokale te verkort. Hoe dit ook al sy, om hierdie oorsake te bepaal, verg nog verdere deeglike sosio-linguistiese studie.

HOOFSTUK 7

ONTRONDING EN NASALERING

7.1 ONTRONDING

Ontronding is tipies van die minderontwikkelde dialektspreekers. "Reeds in die 17de eeu," so skryf Schönfeld (1959: 51), "werden de ontronde vormen gevoeld as minderwaardig: het zijn de boeren by Huygens en Bredero, die van stik praten, en in die 18de eeu wordt de volkstaal van Den Haag erdoor gekarakteriseerd."

Hierdie verskynsel kom ook sonder uitsondering voor by die Griekwas. Die abnormale vokale [ɣ], [œ] en [ø] bestaan glad nie in Grikwa-afrikaans nie. Dieselfde geld vir die geronde digtong [œy]. Hulle word vervang deur klanke met dieselfde tongstand maar waarvan die lippe ontrond is:

(1) [ə] vir [œ]

|hələ|
|brəl|
|xələkəx|
|frəx|
|trəx|
|təsən|
|xəns|

- (2) |e| vir |ø|
 |sen|
 [lɛfle.r|
 [der|
 [tlerlɛŋ|
 [xəber|
 [derxan|
- (3) |i| vir |y|
 [dir|
 [natirlɛk|
 [ɛnxɛstir|
 |i| aanspreekvorm
- (4) |əi| vir |æy|
 [sɛitvɛs|
 [həisə|
 [əit|
 [dɛisənt|
 [krəispan|
 [təis|
 [xəbrɛik|

Soos reeds gesê, is daar geen uitsondering nie. Selfs die opperhoof van Griekwaland-Wes wat in status en ontwikkeling ver bo sy onderdane staan, ontrond al bogenoemde gevalle. Dit is by hom waar ook die uitspraak [i| gehoor is vir die aanspreekvorm U.

Tot dusver is deurgaans daarop gewys dat die uitspraak van die Griekwas gekenmerk word deur ongespannenheid, en ontronding verg minder spierspanning.

7.2 NASALERING

Dieselfde ongespannenheid vind 'n mens by nasalering. Nasalering is die gevolg van "slapper uitspraak". (Le Roux, 1927: 63.) Dit kan natuurlik (in die geval van Afrikaans) ook oorgeërf wees uit Nederlands en Frans. 'n Mens sou nou verwag dat die Griekwas meer vokale sal nasaleer en tog gebeur dit nie. Wat Rademeyer in 1938 aangeteken het, bestaan vandag nog. Woorde soos die volgende word nog ongenasaleerd uitgespreek:

- (5) [ɔns]
- [kans]
- [pɛns]
- [lɛnbrɛŋ]
- [lɛnxədrek]
- [lɛnxan]
- [lɛnblɛi]
- [mɛns]
- [mɛnsə]

Die uitsondering bly hier nie uit nie. 'n Paar sprekers is raakgeloop met die uitspraak [mɛnsə] sowel as [mɛ̃:sə] veral waar daar nog verdere assimilasië plaasvind soos in [mɛ̃:sil]. Hierdie onreëlmatigheid kan nie met sekerheid verklaar word nie behalwe dat dit kenmerkend is van die "gouspraak" van die Griekwas om te verkort. Die genasaleerde vokaal word immers altyd gerek.

'N SLOTBESKOUIING

In hierdie slotbeskouing word kortliks elke vokaal bespreek en gewys op variasie en nie-variasie. Daarby word ook die huidige bevindinge met dié van Rademeyer vergelyk om daarmee die steeds veranderende Griekwa-afrikaans bloot te lê.

8.1 /i/ en /y/

Die [i]-klank het destyds dieselfde uitspraak gehad as in Afrikaans. Dit blyk vandag nog dieselfde te wees. By een enkele spreker is 'n effense verhoging daarvan raakgeloop in woorde soos

(1) [tⁱrə] en [dⁱrə]

waar die /i/ volg op die alveolêre eksplosief. Dit is egter idiolekties en geensins kenmerkend van die taal in die algemeen nie. Die /y/-foneem bestaan tans glad nie in Griekwa-afrikaans nie. Rademeyer (1938: 40) het wel vermeld dat "die geronde vorm gewoonlik minder gerond is". Hier het ons dus te make met 'n "drift" wat homself voltooi het. Dit wil sê 'n vokaalverandering wat homself in 'n sekere rigting voltrek het.

Die verskynsel dat [i] as [əi] uitgespreek word, word nie meer in Griekwaland-Wes aangetref nie soos in

(2) [əidərən]

Die teenoorgestelde is 'n enkele keer raakgeloop, naamlik dat [əi] > [i] in [ɪntlək], maar die algemene vorm is [ənərɪək] en [əntlək].

Op Griekwastad het Rademeyer uitsprake raakgeloop soos [sɔucis] vir [sy:cis]. So 'n uitspraak bestaan nie meer nie maar wel [sɪcɪs].

8.2 [e] en [e:]

Hierdie twee voorkomste van dieselfde foneem word nie deur tongstand onderskei nie maar slegs deur duur. Laasgenoemde, so lyk dit, is ook 'n verandering wat besig is om homself te voltooi. Dit wil sê rekking vind al hoe minder plaas behalwe in gevalle van betoonde oop lettergrepe soos reeds vroeër aangetoon:

(3) [le:və] x [levə]

[se:kər] x [sekər]

Tog is hierdie variasie by dieselfde woord reeds 'n teken van verkorting ook by die oop betoonde lettergreep.

Die verskynsel dat die [e] verlaag tot die [ɛ] in woorde soos

(4) [ɛ:rstə]

[xəvɛ:s]

[xəbrɛk]

vind 'n mens nêrens meer nie.

(5) [xəvɛ:s] > [xəvəs] of [x^ɔvas]

Tans word die [e] effens verhoog tot 'n soort diftong beginnende by [i] en daal na [ə] soos aan die woord=
einde

(6) [nⁱə] en [xⁱə]

die geval is. Verder is die [e] die plaasvervanger vir die [ø] wat glad nie in Griekwa-afrikaans bestaan nie as gevolg van die voortdurende ontrondingsproses.

8.3 [ɛ] en [ɛ:]

Soos reeds bespreek is, kom beide hierdie vorme nog voor soos dit in Standaardafrikaans gebruik word. Waar ons in Standaardafrikaans soms die verlaagde [ae] raakloop voor r, k, g, t(d) en l, vind ons dit bykans deurgaans by die Griekwas. Die geletterde Griekwa-opperhoof spreek dit sonder uitsondering so uit.

8.4 [a:] en [a]

Hierdie twee foneme verskil wat tongstand en duur betref. Die [a] word vorentoe uitgespreek en laat die ruimte van [a:] oop. Hoewel die [a:] nog hier en daar in die oop betoonde lettergreep gehoor word, is dit so min dat dit eintlik nie die bestaan daarvan regverdig nie. Let op die volgende wisselvalligheid:

(6) [svarə], [name] maar [va:tərbur] en selfs
[jɔŋspa:nə]

8.5 [ɔ] en [ɔ:]

Net soos in Standaardafrikaans bly die [ɔ] verkort in die geslote lettergreep, behalwe in woorde soos

(7) [mɔ:rə]

[sɔ:rə]

waar normaalweg uitermate rekking plaasvind. Dat die [ɔ] verlaag na [a] soos Rademeyer (1938: 45) gevind het, byvoorbeeld [fantain], kon ek nie vind nie. In enkele gevalle het die [a] verhoog na [ə]:

(8) [as] > [əs]

[sal] > [səl]

8.6 [o:] en [o]

Ook hier kom die lang [o:] slegs in enkele gevalle in die oop betoonde lettergreep voor: [xəbo:rə]. Maar die teendeel vind ook plaas in [dopərəi]. Wat die /o/-variasies betref, is dit een van die vokale wat die meeste verandering toon.

Volgens die statistiese gegewens blyk dit dat die [o] in alle konsonantiese kombinasies ten minste 50% verlaging na [ɔ] toon. Dit is 'n posisie tussen die [o] en die [ɔ]. In sommige woorde soos groot en loop word dit meer dikwels verlaag, vermoedelik omdat dit woorde is met hoër gebruiksfrekwensies. Dit toon dus ook 'n "drift" in die rigting van [ɔ] wat hom moontlik later kan voltrek.

Die verhoging van [o] na [u] in

(9) [b₀bəjənə |

[tɪ₀və |

kom slegs by een spreker voor. Daar mag wel nog meer wees. Hierdie verhoging is toe te skryf aan die beïnvloeding van die Bolandse [o] > [u]. Die taalkontaksituasie met die Kleurlinge is van so 'n aard dat beïnvloeding nie kan uitbly nie.

Die verhoging van [o] na [u] is maar skraal en kom slegs in enkele woorde voor soos in

(10) [lup |

[sus |

[skundɔxtər |

Ook hier mag die Bolandse uitspraak 'n invloed hê. Net soos die [ɔ] ook in [unər | en [tut | verhoog na [u] onder Bolandse invloed. Wat egter belangrik is, is die feit dat dit telkens by dieselfde woorde voorkom. Fonologiese omgewing speel geen rol nie. 'n Voorbeeld hiervan is die uitspraak van

(11) [skon- | in [skonsen |

maar

[skun- | in [skundɔxtər |

By skoonseun en schoondogter is die /o/ twee verskillende foneme en dus nie allofone nie. Hierdie verskynsel doen hom dikwels voor soos in die geval van

(12) [leokail |

[lauənsə |

8.7 [ə]

Wanneer 'n voorvokaal effens na agter geartikuleer word of wanneer 'n agtervokaal effens na vore geartikuleer word, betree hulle die neutrale sone. Dit gebeur een of ander tyd met alle middelhoë, middellae en lae voor- en agtervokale. Die rede is voor-die-handliggend: minder spierspanning by artikulasie:

- (13) Die /e/ word /ə/ in leegtes
Die /ɛ/ word /ə/ in met, het
Die /a/ word /ə/ in as en sal
Die /o/ word /ə/ in soos
Die /ɔ/ word /ə/ in mos

Daarbenewens vind daar 'n eienaardige wegbeweeg van die [ə] in die rigting van [e]:

- (14) [dət] word [dét]
[bənə] word [bèné]
[stəlsət] word [stèlsət]
[nəks] word [nèks]
[xəsət] word [xəsət]
[əs] word [ès]
[kənt] word [cènt]

8.8 [u]

Die hoë agtervokaal [u] toon geen variasie ten opsigte van Standaardafrikaans nie.

8.9 Slotsom

Watter gevolgtrekking maak ons nou uit hierdie variasies?

8.9.1 Die Afrikaans van die Griekwas het verander van "Sleep-Hollands" na 'n soort Afrikaans wat gekenmerk word deur die vinnige tempo van uitspraak. Bewyse hiervoor lê in die bykans algemene verkorting van die vokaal, en duur is juis 'n distinktiewe kenmerk van vokale.

As 'n mens die ontwikkeling van die Griekwas die afgelope klompie dekades nagaan, dan vind 'n mens 'n soort ontvolking van die platteland. Die eens rustige grondbesitters wat hulle bestaan uit boerdery en te jag gemaak het, word nou onteien en in "lokasies" saam met kleurlinge geplaas. 'n Stryd om voort te bestaan, breek nou aan en in die stryd gaan die gejaagdheid van ons tyd nie sonder skade by hulle verby nie.

8.9.2 Waar hulle eens as homogene groepe saamgewoon het, word hulle taal nou aan taalbeïnvloeding blootgestel. Dus, die deurmekaarwonery stel hulle spreektaal bloot aan beïnvloeding en dit veral deur die Afrikaans van die Kleurling wat bekend staan vir sy vinnige tempo van uitspraak. Waar die individu temerig praat, is daar geen wesenlike duurverskille tussen veronderstelde

kort en lang vokale nie.

- 8.9.3 Die oorspronklike Griekwataal is 'n "klaptaal", of soos Kanyiles dit noem, 'n "kliektaal", dit wil sê medeklinkers (plofklanke) oorheers die hele spraak. Sou dit nie dalk die rede wees vir die neiging na verkorting van die vokaal in Afrikaans nie, en sou dit nie die rede wees dat die vokaal net 'n oorgangsklank bly nie? Luister na die volgende: læs mæs ni | of |sæs jæi sɛ: |
- 8.9.4 Daarom dan ook die onverklaarbare posisionele vokaalvariasies waarby fonologiese omgewings weinig of geen rol speel nie.
- 8.9.5 'n Ander moontlikheid lê by taalverwerwing. Kinders leer die taal veral by hulle ouers. Ouers kan weer tot verskillende sosiale stande behoort.

Voorbeelde:

Ouer A is 'n geletterde man wat in hoë sosiale kringe beweeg. Uit die aard van sy werk is die skryftaal funksioneel. Hoewel skryftaal en spreektaal wesenlik verskil, beïnvloed die skrifbeeld tog die spreektaal en vind 'n mens nie maklik vokaalverskuiwings soos by ouer B wat ongeletterd is en geen status besit nie. Die taal bestaan vir hom slegs uit klanke son=

der die behoudende skrifbeeld.

'n Aanhaling uit gesprekke met twee sulke ouers.

- A. [nəu di xrikwa sos u vəl vet vat sə
tukə.mstəxə plə.nə ɔns hət// ɔns bə'ox /
tən ɛrstə ɔm di xrikwas tə fər'ənəx //
as də.r mɛnsə əs vat ənsprə.k kən dʌn fər
xɾə.nt əs dət di xrikwas / nə.mlək hir ɔns
ɔp xrikwalantvəs // mɑr dət hælɔp ni ɔns
xən ə dɛl fəni rəpəblik / ɔns xən də. kək
ni // ɔns mut ɛrs di fɔlk əs xəhɛl
fər'ənəx / ɛn dəs di hɔfdʌl fən ək ən
prəsɪdɛnt əerək lɛflɛ.r // ɛn dən / məi
xrotstə xədxətə əs di hɛrvənəŋ fəni tə.ɪ]
- B. [isak // ɛntlək di sləŋ əs ə plə.nə.m vat
xrɪ'txəvɔrt hət bɛi di isak // nəu di
rɛxtə nɑm əs isak tɛis // nəu rup hɛlə
mɑr ɔm ɛk mət məi pɛns xəli'pət / əu
sləŋ // nɪ: / dət vɑs / hɛl ɛt vɛxəhɑrtlɔp
di frʉtfrɛuənsə vat mus məi mɑ xəhɛlp hət/
vɑnt tu kɔm dɑr ə mɑn // hɛi sɛ: hiri
frɛx əs xlati mɛns ni // dət əs ə xrɪ't
sləŋ // nəujɑ tu frɛuənsə hət xəkɔm ɛn
xəsət / ɛnə nɑ.lət hɛlə xəsət hət / tu
vɔri ɔjɛnt xəbɔrə// tu di ɔjɛnt nɛt
xəbɔrə vɔrt dɑdi ɔjɛnt skrəu / tu hɔl əɪ
di frʉtfrɛuənsə vɛx // tu mut məi mɑ
mɑr sɪn ɛn kɔm klɑt]

Spreker A besef, uit die aard van sy status, dat dit noodsaaklik is dat sy kinders skoolonderrig moet ontvang. Hy besit die vermoë om dit te doen. Vir B was dit tot onlangs nie baie belangrik nie en hy het ook nie die middele daartoe besit nie. Die bietjie afwykings wat A se kinders by hom geleer het, word in die skool nog minder terwyl B se kinders met sy afwykings voortgaan.

Behalwe A was al die ander sprekers B-gevalle van 60 jaar en ouer.

Tans is die posisie in die woonbuurte anders as 'n paar dekades gelede. Almal kan nou skole besoek en, omdat die Griekwakinders saam met die Kleurling= kinders skoolgaan in skole waar die voertaal Afrikaans is, kan 'n beduidende veranderingsproses verwy word - baie vinniger as wat in die laaste halwe eeu gebeur het. Hierdie verandering stem dan ooreen met Labov se "change from above".

ABSTRACT

This study attempts to compare the vowels of the Griquas (Griekwas) of Griqualand-West with those of Standard Afrikaans.

Fieldwork was done by recording conversations with Griquas. These recordings were then transcribed in phonemic script. Variations were identified and then systematized. The variations were tested to the preconceived phonological rules which were stated as hypotheses. Statistics proved the hypotheses wrong and it was concluded that phonological rules do not influence variables except with regard to the lowered /ε/. This phonological rule is not confined to the substandard form but is also applicable to Standard Afrikaans.

The variations were compiled as follows: lowering, raising, neutralization, length, flattening and nasalization. Attention was also given to the diphthong.

It was also pointed out that there was a great divergency in the pronunciations of Griquas as a whole as well as of individuals.

The research was preceded by a brief discussion of

the origin and history of the Griquas of Griqualand-West. After that the term variations had to be defined in context. From this definition and description the variations could obviously be described and possible reasons for the variables could be researched. In some instances conclusions could be verified but in others this proved an impossible task.

BIBLIOGRAFIE

- ANON. 1972. Griekwa-afrikaans. (In Ensiklopedie van die Wêreld, 4: 508).
- AUTTILA, RAIMO. 1972. An introduction to historical and comparative Linguistics. New York: Macmillan Publishing Co., Inc.
- BOSHOFF, S.P.E. 1921. Volk en taal van Suid-Afrika. Pretoria: J.H. de Bussy Bpk.
- BOSMAN, D.B. 1928. Oor die ontstaan van Afrikaans. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.
- CHAMBERS, J.K. en TRUDGILL, PETER. 1980. Dialectology. Cambridge: Cambridge University Press.
- DE BRUTO, H.F. en WISSING, D. 1974. Aspekte van 'n Afrikaanse T.G.G.-fonologie. Johannesburg: Mc Graw-Hill Boekmaatskappy.
- DE SAUSSURE, F. 1959. Course in General Linguistics. Verwerk deur Bally, C. en Sechaye, A; vertaal deur Baskin, W. London: Peter Owen.
- DE VILLIERS, M. 1973. Afrikaanse klankleer, fonetiek, fonologie en woordbou. Kaapstad - Amsterdam: A.A. Balkema.
- DITTMAR, NORBERT. 1976. Sociolinguistics, a Critical Survey of theory and application. London: Arnold.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1980. Afrikaans in Johannesburg. Taalfasette, 27:2.
- FISHMAN, JOSHUA, A. 1972. The Sociology of Language. Rowley, Massachusetts: Newbury House Publishers.

- GARVIN, P. 1964. The Standard Language Problem - Concepts and methods. In Hymes, 1964a, 521-6.
- HEINSIUS, J. 1916. Woordenboek der Nederlandsche Taal, dl. 8. 's-Gravenhage en Leiden: Martinus Nijhoff, A.W. Sijthoff.
- HUDSON, R.A. 1980. Sociolinguistics. Cambridge: Cambridge University Press.
- KOEFOED, G.A.T. en Van Marle, J. 1978. Aspecten van taalverandering. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- LABOV, WILLIAM. 1972. Sociolinguistic Patterns. Oxford: Basil Blackwell.
- LABOV, W.A. 1966. The Social Stratification of English in New York City. Washington D.C.: Center for Applied Linguistics.
- LE ROUX, T.H. en DE VILLIERS, P. 1927. Afrikaanse Fonetiek. Kaapstad en Johannesburg: Juta & Kie Bpk.
- LOUW, S.A. 1959. Afrikaanse Taalatlas. Pretoria: Staatsdrukker.
- LUBBE, H.J. 1980. Die waarde van die Transformasioneel-generatiewe Grammatika in die Diachroniese Taalbeskrywing van Afrikaans. Bloemfontein: Die Universiteit van die O.V.S.
- ODENDAL, F.F. s.j. Aspekte van Taal. Elsievirivier: Nasou Beperk.
- RADEMEYER, J.H. 1938. Kleurlingafrikaans. Amsterdam: N.V. Swets en Zeitlinger.
- REICHLING, A.J.B.N. 1962. Verzamelde studies. Zwolle: Tjeenk Willink.
- SCHOLTZ, J. du P. 1963. Taalhistoriese Opstelle. Pretoria: Van Schaik Beperk.

- SCHUCHARDT, HUGO. 1885. Über die Lautgesetze. Gegen die Junggrammatik. Engelse vertaling deur Venneman en Wilber, 1972. Bladsyverwysings is na dié van Venneman en Wilber.
- STEYN J.C. 1980. Tuiste in eie Taal. Kaapstad: Tafelberguitgewers Beperk.
- STURTEVANT, E.H. 1973(1917). Linguistic Change - an introduction to the historical study of language. Chicago: Phoenix Brooks.
- VAN DER MERWE e.a. 1969. Afrikaans, sy aard en ontwikkeling. Pretoria: Van Schaik Beperk.
- VAN LOEY, A. en SCHÖNFELD, M. 1970. Schönfelds Historische Grammatika van het Nederlands. Zulphen: N.V.W.J. Thieme en Cie.
- VAN WYK, E.B. 1966. Woordvormversteurings in die Afrikaans van die Bantoës. Taalfasette, 2.
- VAN WYK, E.B. 1977. Praktiese fonetiek vir taalstudie: 'n inleiding. Durban: Butterworths.
- VAN ZYL, D.H. 1974. 'n Griekwa-"Ietsigeit". Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- VENTER, H. 1975. Klankverskynsels. Diktaat 57/75, Potchefstroom: PU vir CHO.
- WEINREICH, U. 1954. Is a Structural Dialectology Possible? Word, X.
- WISSING, D.P. 1982. Algemene en Afrikaanse Generatiewe Fonologie. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk.

